


Remgro

Beperk



2014 FINANSIËLE JAARSTATE

INHOUD

FINANSIËLE JAARSTATE	
VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE	1
VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS	1
VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE	2
VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE	4
VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR	10
GEKONSOLIDEERD	11
STAAT VAN FINANSIËLE STAND	11
INKOMSTESTAAT	12
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	13
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT	14
STAAT VAN KONTANTVLOEI	15
AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE	16
BYLAAG A <i>Belangrikste filiaalmaatskappye</i>	77
BYLAAG B <i>Belangrikste beleggings</i>	78
BYLAAG C <i>Inligting oor segmente</i>	79
DIE MAATSKAPPY	81
STAAT VAN FINANSIËLE STAND	81
INKOMSTESTAAT	81
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	81
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT	82
STAAT VAN KONTANTVLOEI	82
AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE	83
STATUTÊRE INLIGTING	86
AANDEELHOUERSINLIGTING	86

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopendesaaik-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun. Die finansiële state is onder toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA) opgestel.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die groep se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute versekering nie, te verskaf rakende

die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. geouditeer, aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag word op bladsy 10 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
17 September 2014

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes en kennisgewings van Remgro Beperk wat ingevolge die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, vereis word, ingedien is by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom en dat al sodanige opgawes en kennisgewings waar, korrek en op datum blyk te wees.



Mariza Lubbe
Maatskappysekretaris

Stellenbosch
17 September 2014

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKO-KOMITEE

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Hierdie verslag deur die oudit-en-risikokomitee (die komitee), soos aangestel deur die aandeelhouders ten opsigte van die jaar onder oorsig, is voorberei in ooreenstemming met die aanbevelings van King III en die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet), en beskryf hoe die komitee sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet, asook die bykomende funksies deur die direksie daaraan toegeken ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2014, nagekom het.

KOMITEELEDE EN BYWONING VAN VERGADERINGS

Die komitee bestaan uit vier onafhanklike nie-uitvoerende direkteure (soos uiteengesit in die onderstaande tabel) onder die voorsitterskap van mnr Herman Wessels, 'n geoktrooieerde rekenmeester. Alle komiteelede beskik oor die nodige vaardighede en ondervinding. Ingevolge die komitee se mandaat moet minstens vier vergaderings per jaar gehou word.

Samestelling van die komitee

Komiteelid*	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
H Wessels (Voorsitter)	4	4
N P Mageza	4	4
P J Moleketi	4	4
F Robertson	4	3

* Verkorte curriculum vitae van alle direkteure van die maatskappy word op bladsy 14 en 15 van die geïntegreerde jaarverslag verskaf.

Die hoofuitvoerende beamppte, hoof finansiële beamppte, hoof van interne oudit en verteenwoordigers van die eksterne ouditeure woon komiteevergaderings op uitnodiging by. Komitee-agendas maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen komiteelede en die interne en eksterne ouditeure, asook bestuur.

ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee se rol en verantwoordelikhede sluit sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet in, sowel as die verantwoordelikhede deur die direksie daaraan toegeken.

Die komitee is tevrede dat hy alle verpligtinge in die finansiële jaar onder oorsig nagekom het, soos in meer besonderhede hieronder aangedui word.

Sedert die verkoop van TSB aan RCL Foods in Januarie 2014, is Wispeco nou Remgro se enigste oorblywende bedryfs-filiaal. Wispeco se oudit-en-risikokomitee funksioneer as 'n subkomitee van die komitee en rapporteer deur die notules van vergaderings wat gehou is by elke vergadering in die agenda van hierdie komitee in te sluit. Die komitee het homself ook vergewis dat daar doeltreffende ouditkomitees is wat binne die maatskappy se filiaalmaatskappye, ge-

assosieerdes en gesamentlike ondernemings funksioneer, waarvan die notules van vergaderings ook in die komitee se agenda opgeneem word.

Meer inligting oor die funksionering van die komitee, en sake wat in hierdie verslag gehanteer is, is beskikbaar in die korporatiewe bestuursverslag en die risikobestuursverslag wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is.

Statutêre pligte

In die uitvoering van sy pligte het die komitee die volgende statutêre verpligtinge nagekom:

- ▶ Benoem PricewaterhouseCoopers Geïnk. en mnr Hein Döman, wat na die mening van die komitee onafhanklik van die maatskappy is, om deur die aandeelhouders aangestel te word as eksterne ouditeur vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2014
- ▶ Bepaal die fooie betaalbaar aan die eksterne ouditeur en die aanstellingsvoorwaardes
- ▶ Verseker dat die aanstelling van die eksterne ouditeur voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet en enige ander wetgewing wat met die aanstelling van ouditeure verband hou
- ▶ Bepaal die aard en omvang van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur aan die maatskappy en sy volfiliale, geadmistreer deur Remgro Bestuursdienste Beperk (RBD), asook aan Wispeco, mag verskaf
- ▶ Voorafgoedkeuring vir enige voorgestelde ooreenkoms met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste aan die maatskappy en sy volfiliale, geadmistreer deur RBD, sowel as aan Wispeco.

Eksterne oudit

Die komitee is tevrede dat die maatskappy se eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., onafhanklik van die maatskappy is en dus geskik is om sy ouditfunksies sonder beïnvloeding te verrig.

'n Formele beleid bestuur die proses waarvolgens die eksterne ouditeur van die maatskappy vir nie-ouditdienste oorweeg word. Ingevolge die beleid is die komitee verantwoordelik om die aard en omvang te bepaal van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur mag verskaf, asook vir voorafgoedkeuring van enige voorgestelde kontrak met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste.

Interne finansiële beheer en rekeningkundige stelsels

Die komitee is verantwoordelik vir die beoordeling van die interne finansiële beheer- en rekeningkundige stelsels van die maatskappy en sy volfiliale. In hierdie verband het die komitee verslae oor die doeltreffendheid van die interne finansiële beheerstelsels wat deur die interne ouditfunksie opgestel is, beoordeel, inligting oorweeg wat deur bestuur verskaf is en samesprekings met die eksterne ouditeur gevoer

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

oor die resultate van die audit. Die komitee is van mening dat die interne finansiële beheerstelsels effektief is en die grondslag vir die voorbereiding van betroubare finansiële state vorm. Ter ondersteuning van die voorafgaande het die komitee ook verslae van die interne auditfunksie ontvang rakende die doeltreffendheid van die gesamentlike gerusstellingsproses en bedrogvoorkoming, asook die maatreëls wat daarvoor in plek is.

Die lede van Remgro se bestuur wat in die direksies dien van maatskappye waarin belê is (RCL Foods en ander geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), is verantwoordelik vir die uitoefening van die maatskappy se beduidende invloed om te verseker dat effektiewe interne beheermaatreëls geïmplementeer en daaraan voldoen word.

Kundigheid en ondervinding van die hoof finansiële beampte en die finansiële funksie

Die komitee het die kundigheid en ondervinding van die hoof finansiële beampte, mnr Leon Crouse, oorweeg en dit toepaslik en bevredigend gevind. Laasgenoemde se curriculum vitae verskyn op bladsy 15 van die geïntegreerde jaarverslag.

Daarbenewens het die komitee die toepaslike ondervinding en die geskiktheid van die hulpbronne van die maatskappy se finansiële funksie, en die ervaring van senior bestuurslede verantwoordelik vir die finansiële funksie, beoordeel en dit bevredigend gevind.

Finansiële state en lopende saak

Die komitee het die alleenstaande en gekonsolideerde finansiële state van die maatskappy nagegaan en is tevrede dat dit aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die Maatskappywet voldoen en dat die rekeningkundige beleid wat gebruik word, toepaslik is.

Die komitee het ook 'n gedokumenteerde evaluasie van bestuur oor die lopende saak-status van die maatskappy oorweeg voordat 'n aanbeveling aan die direksie gemaak is dat die maatskappy in die afsienbare toekoms 'n lopende saak sal wees.

Risikobestuur

Die komitee het die oorsig van die risikobestuursfunksie aan die risiko-en-IT-bestuurskomitee oorgedra, wat 'n subkomitee van die komitee is. Die mandaat van hierdie komitee sluit in: die handhawing van die risikobestuursbeleid en -plan, die daarstelling van 'n bedryfsrisikoregister, inligtingsrisikobestuur, wetlike nakoming en bedryfsgesondheid en -veiligheid. Die hoof finansiële beampte is die voorsitter van die risiko-en-IT-bestuurskomitee en die ander veertien lede is almal bestuurders van die maatskappy. Die voorsitter van die komitee woon die vergaderings van die risiko-en-IT-bestuurskomitee as 'n *ex officio*-lid by om te verseker dat

hierdie komitee doeltreffend funksioneer en toepaslike risiko-inligting met die komitee deel.

Interne audit

Die maatskappy se interne auditafdeling is 'n effektiewe, onafhanklike beoordelingsfunksie en vorm 'n integrale deel van die ondernemingwye risikobestuurstelsel, wat versekering oor die doeltreffendheid van die maatskappy se interne beheerstelsel verskaf. Die interne auditafdeling van die maatskappy bestaan uit bekwame en ervare personeel wat diens verskaf aan al Remgro se volfiliale, geadmireerde deur RBD, sowel as aan Wispeco. Daarby verrig die interne auditafdeling ook onafhanklike interne auditfunksies vir ander maatskappye waarin belê word, soos Dark Fibre Africa, Mediclinic, RMB Holdings, RMI Holdings, SEACOM en Business Partners. TSB het sy eie interne auditafdeling, maar het Remgro se interne auditfunksie om onafhanklike kwaliteitsoorsigte van sy werk te doen, gebruik tot sy verkoop aan RCL Foods gedurende Januarie 2014.

In die jaar onder oorsig, het die komitee die interne audit-handves oorweeg en vir goedkeuring deur die direksie aanbeveel. Die komitee het ook die interne audit-kwaliteitsgerusstellingsplan beoordeel, asook die nakoming van die interne auditfunksie. Meer besonderhede oor die groep se interne auditfunksies verskyn in die risikobestuursverslag wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is.

Nakoming

Die komitee is verantwoordelik vir die nagaan van enige belangrike skending van relevante wetlike en regulerende vereistes. Die komitee is tevrede dat daar geen wesentlike nie-nakoming van wette en regulasies was nie.

Die komitee is ook tevrede dat dit in die jaar onder oorsig alle wetlike, regulerende en ander verantwoordelikhede nagekom het.

Aanbeveling aan die direksie

Die komitee het die geïntegreerde jaarverslag, asook die volledige finansiële jaarstate en volhoubare ontwikkelingsverslag, hersien en oorweeg en het dit aanbeveel vir goedkeuring deur die direksie.



Herman Wessels

Voorsitter van die audit-en-risikokomitee

Stellenbosch
17 September 2014

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeg verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHED

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings.

Die groep se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in voedsel, drank en huishoudelike sorg; bankwese; gesondheidsorg; versekering; nywerheid; infrastruktuur asook media en sport.

RESULTATE

	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Jaar geëindig		
Wesensverdienste (R miljoen)	6 635	4 196
– per aandeel (sent)	1 292.4	817.1
– verwater (sent)	1 270.3	805.0
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	6 917	4 179
– per aandeel (sent)	1 347.3	813.8
– verwater (sent)	1 325.7	800.6
Dividende (R miljoen)	2 010	1 787
– gewoon – per aandeel (sent)	389.00	346.00

'n Finale dividend van 233 sent (2013: 201 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Die finale dividend van 233 sent per aandeel wat na jaareinde verklaar is, is nie onderhewig aan dividendbelasting nie, aangesien Remgro voldoende SBM-krediete beskikbaar het om teen die dividend aan te wend.

BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

RCL Foods Beperk (RCL Foods)

Gedurende die vorige finansiële jaar het RCL Foods 'n effektiewe belang van 64.2% in New Foodcorp Holdings Eiendoms Beperk (Foodcorp) verkry. Gedurende die jaar onder oorsig het RCL Foods die oorblywende 35.8%-belang in Foodcorp in twee afsonderlike transaksies vanaf Foodcorp bestuur en Capita Investment Advisors Eiendoms Beperk vir 'n totale kontantbedrag van R520.7 miljoen verkry.

Gedurende Januarie 2014 het RCL Foods ook 100% van die aandele in TSB Sugar RSA Eiendoms Beperk en TSB International Eiendoms Beperk (saam verwys na TSB) vanaf Remgro verkry. Die totale koopsom van R4.0 miljard is op 17 Januarie 2014 vereffen toe 230.9 miljoen nuwe RCL Foods-aandele aan Remgro teen 'n prys van R17.32 per aandeel uitgereik is.

As deel van die aankondiging waarna hierbo verwys word, het RCL Foods ook aangekondig dat hy van voorneme is om sy bestaande SEB veronderstelde handelaargefinansierde aandeelhouding te herstruktureer, sowel as TSB se SEB-skema by RCL Foods te implementeer. RCL Foods het verder ook voorgestel om kapitaal ten bedrae van R2.5 miljard te bekom deur 'n kombinasie van 'n pro rata-aanbieding aan bestaande minderheidsaandeelhouers (uitgesluit Remgro en RCL Foods se bestaande SEB-partye) en 'n spesifieke uitreiking van nuwe aandele deur 'n plasing by kwalifiserende beleggers.

RCL Foods se aandeelhouers het die SEB-transaksies en kapitaalverkryging waarna hierbo verwys is op 16 Januarie 2014 goedgekeur. Die resultate van die pro rata-aanbieding, ingevolge waarvan R790 miljoen verkry is, is op 5 Februarie 2014 aangekondig. Op 19 Februarie 2014 het RCL Foods aangekondig dat die plasing van nuwe aandele ten einde die balans van die R2.5 miljard waarna hierbo verwys word te bekom, uitgestel is, onderhewig aan marktoestande, sy kontant/hefboomfinansiering-situasie en die verwagte tydsberekening van beleggingskontantvloei.

Die TSB SEB-transaksie en die herstrukturering van RCL Foods se bestaande SEB-aandeelhouding is op 3 April 2014 en 26 Mei 2014 onderskeidelik geïmplementeer. RCL Foods het as deel van hierdie transaksies 'n addisionele 19.6 miljoen nuwe RCL Foods-aandele uitgereik.

Op 30 Junie 2014 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 77.7% (2013: 75.9%).

PG Groep van Maatskappye (PGSI)

PGSI is die buitelandse beheermaatskappy van die Plate Glass-groep. In die jaar onder oorsig het Remgro aan twee regte-aanbiedinge deelgeneem en 'n bykomende R47.1 miljoen in PGSI belê.

In Junie 2009 het Remgro R129.6 miljoen in PGSI se kumulatiewe, aflosbare voorkeuraandele, met 'n termyn van vyf jaar, belê. Saam met sy belegging in PGSI-voorkeuraandele het Remgro ook die reg bekom om die opbrengs by aflossing te gebruik om vir nuwe gewone aandele in PGSI in te teken. In Junie 2014 is die voorkeuraandele afgepos en Remgro het die opbrengs gebruik om vir 8.3 miljoen gewone aandele in PGSI in te teken.

Bogenoemde transaksies het Remgro se belang in PGSI tot 37.7% (2013: 25.3%) verhoog.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

Grindrod Beperk (Grindrod)

In Mei 2014 het Grindrod, deur 'n versnelde boekbou-aanbieding, 96 miljoen nuwe Grindrod-aandeel aan kwalifiserende beleggers uitgereik en sodoende R2.4 miljard se bykomende kapitaal verkry. As deel van hierdie proses het Remgro 'n verdere 26.1 miljoen aandeel in Grindrod, vir 'n totale bedrag van R652 miljoen of R25.00 per aandeel, verkry.

Na afloop van die Grindrod-boekbou het Remgro en Grindrod Investments Eiendoms Beperk, aan wie ook Grindrod-aandeel ingevolge die boekbouproses toegeken is, die geleentheid aan kwalifiserende Grindrod-aandeelhouers gebied om aan 'n terugvorderingsaanbod deel te neem, ook teen R25.00 per Grindrod-aandeel. Ingevolge die terugvorderingsaanbod het Remgro 4.0 miljoen aandeel vir 'n totale bedrag van R101.1 miljoen, wat deur middel van die boekbouproses verkry is, van die hand gesit.

In Junie 2014 het Grindrod 'n verdere 64 miljoen aandeel aan 'n konsortium, bestaande uit strategiese swart beleggers, uitgereik. Dié uitreiking, saam met die boekbou-aanbod waarna hierbo verwys is, het Remgro se effektiewe belang in Grindrod tot 22.6% (2013: 25.0%) verminder.

Die CIV groep

Voorheen het Remgro se belang in die CIV groep uit sy beleggings in Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (Dark Fibre Africa), CIV Fibre Network Solutions Eiendoms Beperk (CIV FNS), CIE Telecommunications Eiendoms Beperk (CIE Telecommunications), CIV Power Eiendoms Beperk (CIV Power), asook Central Lake Trading No. 77 Eiendoms Beperk (Central Lake) bestaan.

Op 1 April 2014 is die CIV groep herstruktureer om die beheerstruktuur te vereenvoudig, van veelvuldige toegangspunte tot 'n enkele toegangspunt, om sodoende die belange van alle aandeelhouers in ooreenstemming te bring. Gevolglik het Remgro sy belange in Dark Fibre Africa, CIV FNS, CIE Telecommunications, CIV Power en Central Lake geruil vir 'n direkte belegging in Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH). Die herstrukturering het nie Remgro se belang in Dark Fibre Africa wesentlik verander nie en dus sal die verdienstebydrae van CIVH in die toekoms vergelykbaar wees met dié van die gesamentlike bydrae van die beleggingsmaatskappye voor die herstrukturering.

KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2014 was soos volg:

R miljoen	30 Junie 2014			30 Junie 2013 Hersaamgestel
	Plaaslik	Buiteland	Totaal	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	2 958	699	3 657	4 188
Belegging in geldmarkfondse	746	425	1 171	1 140
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(1 491)	(73)	(1 564)	(2 595)
Kontant by die kern	2 213	1 051	3 264	2 733

As deel van die herstrukturering het Remgro R67.3 miljoen in CIVH belê en op 30 Junie 2014 was Remgro se effektiewe belang in CIVH 50.7% (2013: effektiewe belang in die CIV groep van 43.8%). Vir rekeningkundige doeleindes word die belegging in CIVH as 'n gesamentlike onderneming geklassifiseer.

Distell Groep Beperk (Distell)

As deel van die herstrukturering van sy SEB-transaksie, en om sy huidige SEB-gradering te behou, het Distell in Januarie 2014 15.0 miljoen nuwe gewone aandeel aan SEB-aandeelhouers uitgereik. Die uitreiking van aandeel het Remgro se totale belang in Distell, wat die indirekte belang insluit wat deur Capevin Holdings gehou word, van 33.4% tot 31.0% verwater.

ElementOne Beperk (ElementOne)

Op 29 November 2013 het 'n konsortium gelei deur Rand Aksepbank en Remgro, deur 'n spesiale doeltentiteit (Main Street 1132 Eiendoms Beperk, of Bidco), 'n aanbod gemaak om 100% van ElementOne te verkry. ElementOne-aandeelhouers is 'n bedrag van R22.507 per aandeel vir hulle aandeel in die maatskappy aangebied. Die aanbod was 'n kombinasie van kontant en aandeel in Caxton and CTP Publishers and Printers Beperk (Caxton).

Op 7 Februarie 2014 is aangekondig dat alle opskortende voorwaardes wat op die transaksie van toepassing was, nagekom is, en die transaksie is op 25 Februarie 2014 geïmplementeer. Remgro het geen befondsing vir die transaksie verskaf nie, maar sedert die implementering van die transaksie sowel as die breër herstrukturering van die Caxton-beheerstruktuur, het Remgro effektief sy 1.8% direkte belang vir 'n 6.1% indirekte belang in Caxton verruil.

Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere \$25.2 miljoen in Milestone III belê en daardeur sy kumulatiewe belegging tot \$53.4 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2014 het die oorblywende verpligting teenoor Milestone III \$46.6 miljoen beloop.

Ander kleiner beleggings wat gedurende die jaar onder oorsig gemaak is in onder andere die Milestone China Opportunities Fund II en Premier Team Holdings Limited, het R77 miljoen bedra.

Daar was geen wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2014 nie.

Op 30 Junie 2014 was ongeveer 40% (R425 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Verwys na aantekening 14 van die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

Veranderinge in rekeningkundige beleid

Met ingang van 1 Julie 2013 het Remgro *IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State*, *IFRS 11: Gesamentlike Reëlins* en die gewysigde *IAS 19: Werknemervoordele* geïmplementeer. Hierdie rekeningkundige standpunte moet ingevolge hulle oorgangsbepalings terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van die vergelykende jaar wat aangebied word, hersaamgestel, met die kumulatiewe uitwerking soos op 1 Julie 2012, wat as 'n aanpassing teen openingsekwiteit verantwoord is.

IFRS 10 en IFRS 11

Hierdie nuwe rekeningkundige standpunte verbreed die definisie van "beheer" en dus "gesamentlike beheer" en gevolglik moet alle regte met betrekking tot beleggingsmaatskappye oorweeg word ten einde te bepaal of die belegging as 'n filiaal, geassosieerde of gesamentlike onderneming geklassifiseer moet word.

Remgro het die beleggings in Distell Groep Beperk en die CIV groep as gesamentlike ondernemings herklassifiseer, terwyl dit voorheen as geassosieerdes verantwoord is. Die verandering in klassifikasie het geen uitwerking op die groep se meting van die beleggings gehad nie aangesien die ekwiteitsmetode gebruik word om beide geassosieerdes en gesamentlike ondernemings te verantwoord. In die geval van TSB Sugar Holdings Eiendoms Beperk (TSB) is sekere van sy beleggingsmaatskappye, wat voorheen as gesamentlike ondernemings geklassifiseer is (en gevolglik geëkwiteer is), as filiale herklassifiseer. Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk het ook sekere van sy

beleggings wat voorheen teen billike waarde verantwoord is, as geassosieerdes herklassifiseer. Dit sluit die belegging in MMI Holdings Beperk in, wat voorheen teen billike waarde deur wins en verlies verantwoord is.

IAS 19

Die gewysigde IAS 19 het aansienlike veranderinge in die rekeningkundige hantering van omskreevoordeel na-aftrede planne teweeggebring. Die belangrikste verandering van die gewysigde IAS 19 hou verband met die verwydering van die keuse om die erkenning van verstreke dienskoste en aktuariële winste en verliese uit te stel. Sodanige hermetings word nou onderskeidelik ten volle in die inkomstestaat en in ander omvattende inkomste verantwoord in die tydperk waarin hulle ontstaan. Die rekeningkundige standpunt het ook rentekoste en verwagte opbrengs op planbates met 'n netto rentebedrag vervang wat gelyk is aan die verdiskonteringskoers wat gebruik word om aftreevoordeelverpligtinge te bepaal.

Die toepassing van die gewysigde IAS 19 het Remgro en sy filiale, RCL Foods Beperk en TSB, geaffekteer, sowel as sekere wesentlike geassosieerdes soos FirstRand Beperk, RMB Holdings Beperk en Mediclinic International Beperk (Mediclinic).

Verwys na aantekening 37 in die finansiële jaarstate vir verdere inligting rakende die hersamestelling van vergelykende syfers.

Staat van finansiële stand

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	30 Junie 2014		30 Junie 2013 Hersaamgestel	
	R miljoen	R per aandeel	R miljoen	R per aandeel
<i>Ekwiteit aangewend</i>				
Toeskryfbaar aan ekwiteitouers	66 035	128.56	58 630	114.25
<i>Aanwending van ekwiteit</i>				
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	12 812	24.94	12 720	24.79
Bankwese	15 194	29.58	13 968	27.22
Gesondheidsorg	10 597	20.63	7 429	14.47
Versekering	6 224	12.12	5 645	11.00
Nywerheid	5 529	10.76	5 213	10.16
Infrastruktuur	6 722	13.09	5 911	11.52
Media en sport	1 508	2.94	1 537	2.99
Ander beleggings	2 699	5.26	2 185	4.26
Sentrale tesourie – kontant by die kern	3 264	6.35	2 733	5.33
Ander netto korporatiewe bates	1 486	2.89	1 289	2.51
	66 035	128.56	58 630	114.25

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

Inkomstestaat

	30 Junie 2014		30 Junie 2013 Hersaamgestel	
	R miljoen	%	R miljoen	%
<i>Bron van wesensverdienste</i>				
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	795	12	1 123	27
Bankwese	2 542	38	2 077	49
Gesondheidsorg	1 489	22	(491)	(12)
Versekering	871	13	666	16
Nywerheid	700	11	548	13
Infrastruktuur	166	3	196	5
Media en sport	64	1	119	3
Ander beleggings	59	1	57	1
Sentrale tesourie	83	1	3	–
Ander netto korporatiewe koste	(134)	(2)	(102)	(2)
	6 635	100	4 196	100

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
<i>Samestelling van wesensverdienste</i>		
Filiaalmaatskappye	(4)	215
Winste	355	377
Verliese	(359)	(162)
Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	6 639	3 981
Winste	6 725	4 520
Verliese	(86)	(539)
	6 635	4 196

AANDELESKEMAS

Remgro het tans een langtermynaansporingsplan, naamlik die Remgro Ekwietsvereffende Aandelegroiereg-skema (die SAR-skema). Ingevolge die SAR-skema word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat binne verskillende intervalle, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen kan word.

Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroieregte uitgeoefen kan word, is soos volg:

- ▶ Een-derde na drie jaar na die toekenningsdatum
- ▶ Twee-derdes na vier jaar na die toekenningsdatum
- ▶ Die res na vyf jaar na die toekenningsdatum

Verwys na aantekening 25 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede met betrekking tot die SAR-skema.

TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2013 is 3 433 101 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie

aandele aangekoop ten einde Remgro se aandeel-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 472 335 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 Junie 2014 is 2 960 766 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele gehou.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust Eiendoms Beperk (Rembrandt Trust) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.61% (2013: 42.64%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 86 en 87.

FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geëkwiteerde beleggings en ander beleggings word in Bylaag A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 14 en 15 van die geïntegreerde jaarverslag.

Met ingang van 31 Desember 2013 het mnr J W Dreyer as uitvoerende direkteur van die raad van Remgro uitgetree.

Die raad bedank hom vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

Kragtens die bepalings van die akte van oprigting tree mnre L Crouse, P K Harris, N P Mageza, P J Moleketi en dr E de la H Hertzog volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy, het in totaal op 30 Junie 2014, 2.52% (2013: 2.56%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 88.

DIREKTEURVERGOEDING

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R3.5 miljoen (2013: R3.8 miljoen) beloop.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappy van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

'n Spesiale besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 123 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

SPESIALE BESLUIE

Geen spesiale besluite is deur die maatskappy se belangrikste filiale geneem waarvan die aard wesentlik mag wees met betrekking tot die stand van sake van die groep nie.

DIVIDENDE

Die finale gewone dividend per aandeel is op 233 sent (2013: 201 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die jaar tot 30 Junie 2014 bedra gevolglik 389 sent (2013: 346 sent).

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Sekondêre belasting op maatskappye (SBM) en dividendbelasting

Met ingang van 1 April 2012 is SBM vervang met 'n dividendbelasting. Ingevolge die nuwe wetgewing, sal maatskappye toegelaat word om hul beskikbare SBM-krediete, vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die effektiewe datum van dividendbelasting, teen toekomstige dividende aan te wend.

Verklaring van Dividend Nr. 28

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 233 sent (2013: 201 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

Die totale dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 bedra dus 389 sent teenoor 346 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2013.

Die maatskappy sal SBM-krediete, van 233 sent per gewone aandeel en 233 sent per ongenoteerde B-gewone aandeel aanwend. Daar sal gevolglik geen dividendbelasting afgetrek word op die finale bruto dividend vir enige Remgro-aandeelhouer nie.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Betaling

Die finale dividend is betaalbaar op Maandag, 17 November 2014, aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 14 November 2014, geregistreer is.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

Aandeelhouers mag nie tussen Maandag, 10 November 2014, en Vrydag, 14 November 2014, beide datums ingesluit, hulle aandelsertifikate dematerialiseer of rematerialiseer nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekening van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer gepos sal word nie. Indien u in die verlede dividendtjeks ontvang het, kontak asseblief die oordragsekretaris om hulle van bevestiging van u bankrekening te voorsien. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 17 van die geïntegreerde jaarverslag.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsy 11 tot 88 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
17 September 2014

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Ons het die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsy 11 tot 88, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die state van finansiële stand soos op 30 Junie 2014, en die inkomstestate, state van omvattende inkomste, state van veranderinge in ekwiteit en state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitende die beoordeling van die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikoboordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Mening

Na ons mening is die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van Remgro Beperk soos op 30 Junie 2014, en van die maatskappy se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

As deel van ons audit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 het ons die verslag van die raad van direkteure, die verslag van die audit-en-risikokomitee en die verklaring van die maatskappysekretaris deurgelees om te bepaal of daar wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die verskeie opstellers daarvan. Gebaseer op die deurlees van hierdie verslae het ons nie wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state geïdentifiseer nie. Ons het egter nie hierdie verslae geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uit nie.



PricewaterhouseCoopers Geïnk.

Direkteur: N H Döman

Geregistreeerde ouditeur

Stellenbosch

17 September 2014

GEKONSOLIDEERD

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

OP 30 JUNIE 2014

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel	1 Julie 2012 Hersaamgestel
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	3	5 616	5 390	3 502
Biologiese landboubates	4	499	407	318
Beleggingseiendomme	5	42	42	37
Ontasbare bates	6	5 811	5 831	356
Beleggings – Geëkwiteer	7	52 169	45 408	38 123
– Ander	8	2 642	2 168	1 587
Aftreevoordele	9	210	184	164
Lenings		629	497	115
Uitgestelde belasting	10	14	4	7
		67 632	59 931	44 209
Bedryfsbates				
		11 876	12 575	13 678
Voorraad	11	2 408	2 533	2 004
Biologiese landboubates	4	539	537	476
Debiteure en korttermynlenings	12	3 330	2 929	2 059
Afgeleide instrumente	13	3	437	104
Belasting		14	35	32
Belegging in geldmarkfondse	14	1 171	1 140	2 344
Kontant en kontantekwivalente	15	3 657	4 188	6 485
		11 122	11 799	13 504
Bates gehou vir verkoop	16	754	776	174
Totale bates		79 508	72 506	57 887
EKWITEIT EN LASTE				
Verklaarde en uitgereikte kapitaal	17	3 605	3 605	8
Aandelepremie	17	–	–	3 597
Reserwes	18	62 802	55 456	49 735
Tesourie-aandele		(372)	(431)	(169)
Aandeelhouersekwiteit		66 035	58 630	53 171
Nie-beherende belang	19	2 599	2 015	849
Totale ekwiteit		68 634	60 645	54 020
Nie-bedryfslaste				
		2 199	7 827	1 068
Aftreevoordele	9	258	265	213
Langtermynlenings	20	436	5 849	138
Uitgestelde belasting	10	1 505	1 713	717
Bedryfslaste				
		8 675	4 034	2 799
Handels- en ander krediteure	21	3 791	3 429	2 487
Korttermynlenings	22	4 661	399	293
Voorsienings		–	–	8
Afgeleide instrumente	13	10	26	4
Belasting		27	1	7
		8 489	3 855	2 799
Laste gehou vir verkoop	16	186	179	–
Totale ekwiteit en laste		79 508	72 506	57 887

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Verkope		24 621	16 466
Voorraauditgawes		(15 374)	(11 610)
Personeelkoste	23	(3 747)	(2 707)
Waardevermindering	26	(592)	(428)
Ander netto bedryfsuitgawes	26	(4 238)	(1 306)
Handelswins		670	415
Dividendinkomste	27	43	34
Rente ontvang	26	326	252
Finansieringskoste		(1 057)	(181)
Negatiewe klandisiewaarde	26	–	196
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	26	22	(158)
Wins/(verlies) met die verkoop van beleggings	26	51	(150)
Gekonsolideerde wins voor belasting		55	408
Belasting	10	(57)	(261)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting		(2)	147
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	28	6 853	4 035
Netto wins vir die jaar		6 851	4 182
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers		6 917	4 179
Nie-beherende belang		(66)	3
		6 851	4 182
VERDIENSTE PER AANDEEL (sent)			
Basies	2	1 347.3	813.8
Verwater	2	1 325.7	800.6

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

R miljoen	Ekwiteits-reserwes	Ander reserwes	Billike waarde reserwes	Behoue verdienste	Aandeelhouers-ekwiteit	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
30 Junie 2014							
Netto wins vir die jaar				6 917	6 917	(66)	6 851
Ander omvattende inkomste, na belasting	1 864	382	207	(13)	2 440	4	2 444
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:							
Wisselkoersaanpassings	(66)	379	(21)	5	297	1	298
Billike waarde aanpassings vir die jaar	–	5	341	–	346	–	346
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	–	(2)	(41)	–	(43)	–	(43)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	(72)	–	(72)	(32)	(176)	–	(176)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	2 015	–	–	–	2 015	–	2 015
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:							
Aktuariële winste en verliese	–	–	–	19	19	4	23
Uitgestelde belasting op aktuariële winste en verliese	–	–	–	(5)	(5)	(1)	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	(13)	–	–	–	(13)	–	(13)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	1 864	382	207	6 904	9 357	(62)	9 295
30 Junie 2013 (hersaamgestel)							
Netto wins vir die jaar				4 179	4 179	3	4 182
Ander omvattende inkomste, na belasting	2 347	340	(152)	839	3 374	(2)	3 372
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:							
Wisselkoersaanpassings	(82)	469	(50)	552	889	–	889
Billike waarde aanpassings vir die jaar	–	(17)	(172)	–	(189)	–	(189)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	–	5	(11)	–	(6)	–	(6)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	(20)	(117)	81	279	223	–	223
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	2 904	–	–	–	2 904	–	2 904
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:							
Aktuariële winste en verliese	–	–	–	11	11	(3)	8
Uitgestelde belasting op aktuariële winste en verliese	–	–	–	(3)	(3)	1	(2)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	(455)	–	–	–	(455)	–	(455)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	2 347	340	(152)	5 018	7 553	1	7 554

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

R miljoen	Verklaarde en uitgereikte kapitaal						Aandeel-houers-ekwiteit	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
	Ekwiteits-reserwes	Ander reserwes	Billike waarde reserwes	Behoue verdienste	Tesourie-aandele				
30 Junie 2014									
Saldo's op 1 Julie (hersaamgestel)	3 605	12 559	889	104	41 904	(431)	58 630	2 015	60 645
Totale omvattende inkomste vir die jaar	–	1 864	382	207	6 904	–	9 357	(62)	9 295
Dividende betaal	–	–	–	–	(1 833)	–	(1 833)	(1)	(1 834)
Belegging in filiale	–	–	(30)	–	(144)	–	(174)	(355)	(529)
Kapitaal deur minderhede belê	–	–	–	–	–	–	–	876	876
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	–	(20)	118	–	(103)	–	(5)	119	114
Oordrag van behoue inkomste van geëkwiteerde beleggings	–	3 202	–	–	(3 202)	–	–	–	–
Langtermyn aandeel-aansporingskema-reserwe	–	–	1	–	–	59	60	7	67
Saldo's op 30 Junie	3 605	17 605	1 360	311	43 526	(372)	66 035	2 599	68 634
30 Junie 2013 (hersaamgestel)									
Saldo's op 1 Julie (soos voorheen gerapporteer)	3 605	9 367	669	257	39 725	(169)	53 454	799	54 253
Uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid	–	(277)	1	–	(7)	–	(283)	50	(233)
Saldo's op 1 Julie (hersaamgestel)	3 605	9 090	670	257	39 718	(169)	53 171	849	54 020
Totale omvattende inkomste vir die jaar	–	2 347	340	(152)	5 018	–	7 553	1	7 554
Dividende betaal	–	–	–	–	(1 712)	–	(1 712)	(33)	(1 745)
Besigheid verkry	–	–	–	–	–	–	–	331	331
Kapitaal deur minderhede belê	–	–	–	–	–	–	–	822	822
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	–	(2)	(39)	(1)	4	–	(38)	39	1
Oordrag van behoue inkomste van geëkwiteerde beleggings	–	1 124	–	–	(1 124)	–	–	–	–
Tesourie-aandeel deur volfiliaal aangekoop	–	–	–	–	–	(405)	(405)	–	(405)
Langtermyn aandeel-aansporingskema-reserwe	–	–	(82)	–	–	143	61	6	67
Saldo's op 30 Junie (hersaamgestel)	3 605	12 559	889	104	41 904	(431)	58 630	2 015	60 645

STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Kontantvloei – bedryfsaktiwiteite			
Handelwinst		670	415
Aansuiwering	29.1	809	509
Handelwinst voor bedryfskapitaalveranderinge		1 479	924
Bedryfskapitaalveranderinge	29.2	(215)	(114)
Kontant uit bedrywighede voortgebring		1 264	810
Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste		3 627	3 169
Rente ontvang		255	252
Dividende ontvang	29.3	3 372	2 917
Finansieringskoste		(621)	(22)
Belasting betaal	29.4	(135)	(236)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite		4 135	3 721
Dividende betaal	29.5	(1 834)	(1 745)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite		2 301	1 976
Kontantvloei – beleggingsaktiwiteite			
Netto beleggings om bedrywighede te handhaaf		(357)	(441)
Vervanging van eiendom, aanleg en toerusting		(394)	(471)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates		37	30
Beleggings om bedrywighede uit te brei		(2 029)	(5 552)
Toevoegings tot – eiendom, aanleg en toerusting en ander bates		(477)	(299)
– beleggings en lenings		(1 552)	(4 506)
Besighede aangekoop	30	–	(747)
Toename in geldmarkfondse		(300)	(450)
Afname in geldmarkfondse		269	1 654
Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings		296	154
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite		(2 121)	(4 635)
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite			
Lenings terugbetaal		(5 731)	(735)
Lenings toegestaan		4 566	112
Tesourie-aandele aangekoop		–	(369)
Belegging in filiaalmaatskappye		(529)	–
Uitrek van nuwe aandele deur filiaalmaatskappye		876	822
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite		(818)	(170)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente			
		(638)	(2 829)
Wisselkoerswinst op buitelandse kontant			
		110	598
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar			
		4 164	6 395
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar			
		3 636	4 164
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand			
		3 657	4 188
Oortrokke bankrekening			
		(21)	(24)

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegronslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die IFRS Vertolkingskomitee (IFRS VK) se interpretasies van toepassing op maatskappye wat onder IFRS verslag doen, die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekwent in beide tydperke wat aangebied word, toegepas is, met die uitsondering van die implementering van *IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State*, *IFRS 11: Gesamentlike Reëlings* en die wysigings aan *IAS 19: Werknemervoordede*. Die implementering van IFRS 10, IFRS 11 en die gewysigde IAS 19 vereis 'n hersamestelling van die vergelykbare resultate, soos uiteengesit in aantekening 37. In die jaar onder oorsig het verskeie nuwe en gewysigde rekeningkundige standpunte (insluitende onder andere *IFRS 12: Openbaarmaking van Belange in ander Entiteite* en *IFRS 13: Billike Waarde Meting*) in werking getree, maar die implementering daarvan het net openbaarmaking beïnvloed en het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke nie.

Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis die gebruik van sekere kritieke rekeningkundige ramings. Dit vereis ook van bestuur om sy oordeel te gebruik in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid. Die gebiede waar 'n groter mate van oordeel of kompleksiteit betrokke is, of waar aannames en ramings wesentlik vir die gekonsolideerde finansiële state is, word in aantekening XXI van die rekeningkundige beleid uiteengesit.

Die rekeningkundige beleid wat die groep toegepas het in die aanbieding van die finansiële state, word hieronder uiteengesit.

(I) KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Konsolidasie – filiale

Filiale is almal entiteite (insluitende gestruktureerde entiteite) waaroor die groep beheer het. Die groep beheer 'n entiteit wanneer dit blootgestel is aan, of regte het ten opsigte van, wisselende opbrengste wat spruit uit sy betrokkenheid by die entiteit, en oor die vermoë beskik om sodanige opbrengste te beïnvloed deur die beheer wat dit oor die entiteit uitoefen. Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf die datum dat beheer aan die groep oorgedra word. Hulle word dekonsolideer vanaf die datum dat die beheer ten einde loop.

Besigheidsamevoegings word volgens die verkrygingsmetode verantwoord. Die koopsom van 'n verkryging van 'n filiaal is die billike waarde van bates oorgedra, verpligtinge aangegaan en ekwiteitsinstrumente uitgereik deur die groep. Die koopprys sluit ook die billike waarde van enige bate of verpligting wat uit 'n voorwaardelike koopprys-ooreenkoms voortspruit in. Die groep meet, op 'n transaksie-vir-transaksie-basis, vir elke besigheidsamevoeging die nie-beherende aan-deelhoudersbelang in die verkrygde entiteit óf teen billike waarde óf teen die proporsionele deel van die verkrygde entiteit se identificeerbare netto bates.

Kostes ten opsigte van die verkryging aangegaan word as uitgawes verantwoord soos dit aangegaan word.

Indien die besigheidsamevoeging stapsgewys uitgevoer word, word die billike waarde van die koper se vorige ekwiteitsbelang in die verkrygde soos op die verkrygingsdatum herberaam tot billike waarde, en enige winste of verliese wat uit sodanige herberaming ontstaan, word in wins of verlies erken.

Enige voorwaardelike bedrag betaalbaar word soos op die verkrygingsdatum teen billike waarde erken. Indien die voorwaardelike bedrag as 'n bate of las ingevolge IAS 39 geklassifiseer word, word enige verandering aan die billike waarde van die voorwaardelike bedrag betaalbaar in die inkomstestaat erken. Indien die voorwaardelike bedrag as ekwiteit geklassifiseer word, word dit nie herwaardeer nie en enige skikking word in ekwiteit erken.

Die oorskot van die koopsom wat oorgedra is, die bedrag van enige nie-beherende belang in die verkrygde en die billike waarde, soos op die verkrygingsdatum, van enige vorige ekwiteitsbelang in die verkrygde wat die billike waarde van die identificeerbare netto bates wat verkry is, oorskry, word as klandisiewaarde aangedui. As die totale koopsom, erkende nie-beherende belange en die raming van belange wat voorheen gehou is minder is as die billike waarde van die netto belange van die filiaal wat in die geval van 'n winskoop verkry is, word die verskil direk in die inkomstestaat erken.

Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste word met konsolidasie uitgeskakel. Waar nodig, is bedrae wat deur filiale gerapporteer is, aangepas om dit in ooreenstemming met die groep se rekeningkundige beleid te bring.

Transaksies met nie-beherende belange wat nie verlies van beheer tot gevolg het nie, word verantwoord as ekwiteitstransaksies, dit wil sê as transaksies met die eienaars, in hul hoedanigheid as eienaars. Die verskil tussen die billike waarde van enige bedrag betaalbaar en die toepaslike gedeelte van die drawaarde van die netto bates van die filiaal wat verkry word, word in ekwiteit verantwoord. Winste of verliese op verkope aan nie-beherende belange word ook in ekwiteit verantwoord.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg) (I) KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING (vervolg)

Konsolidasie – filiale (vervolg)

Wanneer die groep nie langer beheer het nie, word enige behoue belange in die entiteit teen billike waarde herberaam op die datum wat beheer verloor is, en word die verskil in drawaarde in wins of verlies erken. Die billike waarde is die aanvanklike drawaarde vir die doel van die daaropvolgende verantwoording van die behoue belang as 'n geassosieerde, gesamentlike onderneming of finansiële bate. Daarby word enige bedrag, wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is ten opsigte van daardie entiteit, verantwoord asof die groep direk die verwante bates of laste van die hand gesit het. Dit beteken dat bedrae wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is, herklassifiseer word in wins of verlies.

Ekwiteitsverantwoording – gesamentlike ondernemings

Die groep het sedert 1 Julie 2012 IFRS 11 ten opsigte van alle gesamentlike reëlings toegepas. Ingevolge IFRS 11 word beleggings in gesamentlike reëlings as gesamentlike bedrywighede of gesamentlike ondernemings geklassifiseer, afhange van die kontraktuele regte en verpligtinge van elke belegger. Remgro het die aard van sy gesamentlike reëlings nagegaan en bepaal dat dit gesamentlike ondernemings is. Gesamentlike ondernemings word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Volgens die ekwiteitsmetode in rekeningkunde word belange in gesamentlike ondernemings aanvanklik teen koste erken en daarna aangepas om die groep se belang in na-verkrygte winste of verliese en bewegings in ander omvattende inkomste te erken. Wanneer die groep se belang in verliese in 'n gesamentlike ondernemings gelyk is aan, of sy belang in die gesamentlike onderneming (wat enige langtermynbelang wat in wese deel vorm van die groep se netto belegging in die gesamentlike onderneming) oorskry, word verdere verliese nie erken nie, tensy die groep verpligtinge aangegaan of betalings namens die gesamentlike onderneming gedoen het.

Ongerealiseerde winste op transaksies tussen die groep en sy gesamentlike ondernemings word uitgeskakel tot die mate van die groep se belang in die gesamentlike onderneming. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, tensy die transaksie bewys lewer van 'n waardedaling van die bate wat oorgedra is. Die rekeningkundige beleid van gesamentlike ondernemings is, waar nodig, verander om konsekwenheid te verseker met die beleide wat deur die groep aangeneem is. Die verandering in rekeningkundige beleid is vanaf 1 Julie 2012 toegepas.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Geassosieerde maatskappye is alle entiteite waarvoor die groep beduidende invloed, maar nie beheer het nie, met, oor die algemeen, 'n gepaardgaande aandeelhouding van tussen 20% en 50% van die stemreg. Beleggings in geassosieerdes word deur die ekwiteitsmetode verantwoord. Volgens die ekwiteitsmetode word die belegging aanvanklik teen koste erken en die drawaarde word verhoog of verminder om die belegger se aandeel in die wins of verlies van die geïnvesteerde na die verkrygingsdatum te erken. Die groep se belegging in geassosieerdes sluit klandisiewaarde in wat by verkryging geïdentifiseer is.

As die eienaarsbelang in 'n geassosieerde verminder, maar wesentlike invloed behou word, word slegs 'n eweredige deel van die bedrae wat voorheen erken is in ander omvattende inkomste, waar toepaslik, herklassifiseer in wins of verlies. Die groep se aandeel in na-verkrygingswins of -verlies word in die inkomstestaat erken en sy aandeel in na-verkrygingsbewegings in ander omvattende inkomste word erken in ander omvattende inkomste, met 'n ooreenkomstige aanpassing in die drawaarde van die belegging. Wanneer die groep se aandeel in die verliese van 'n geassosieerde gelyk is aan, of sy belang in die geassosieerde, insluitende enige ander onversekerde ontvangstes, oorskry, word geen verdere verliese erken nie, tensy wetlike of konstruktiewe verpligtinge namens die geassosieerde aangegaan of betalings gemaak is.

Die groep bepaal by elke verslagdoeningsdatum of daar enige waarneembare bewys is dat die belegging in 'n geassosieerde 'n waardedaling ondergaan het. As dit die geval is, bereken die groep die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die geassosieerde en sy drawaarde en erken die bedrag naasaan "aandeel in wins/(verlies) van geassosieerdes" in die inkomstestaat.

Winste en verliese wat uit stroomop- of stroomaf-transaksies tussen die groep en sy geassosieerdes ontstaan, word in die groep se finansiële state erken slegs in die mate van onverwante beleggersbelange in geassosieerdes. Ongerealiseerde verliese word uitgeskakel, tensy die transaksie bewys lewer van benadeling van die bate wat oorgedra is. Die rekeningkundige beleid van geassosieerdes is, waar toepaslik, verander om konsekwenheid te verseker met beleide wat deur die groep aangeneem is.

Verwateringswinste en -verliese wat voortspruit uit beleggings in geassosieerdes, word in die inkomstestaat erken.

Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Waar nodig is die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye verander ten einde dit in lyn te bring met dié van Remgro en sy filiale tot dié mate dat dit wesentlik en toepaslik is vir die spesifieke nywerheid waarin die geassosieerde bedryf word.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(I) KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING (vervolg)

Afsonderlike finansiële state

In Remgro se afsonderlike finansiële state word beleggings in filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye teen kosprys getoon.

(II) EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING EN WAARDEVERMINDERING

Eiendom, aanleg en toerusting bestaan hoofsaaklik uit grond en geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie. Alle eiendom, aanleg en toerusting word teen historiese kosprys, minus waardevermindering en waardedaling, getoon. Historiese koste sluit uitgawes in wat direk verband hou met die verkryging van die items. Koste kan ook oordragte insluit vanaf ekwiteit van enige winste/verliese op kwalifiserende kontantvloeienskane ten opsigte van buitelandse valuta-aankope van eiendom, aanleg en toerusting. Daaropvolgende koste word ingesluit by die drawaarde van die bate of as 'n afsonderlike bate erken, waar van toepassing, slegs wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat met die item verband hou na die groep sal vloei en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Die drabedrag van die onderdeel wat vervang is, word ontken. Alle ander herstelwerk en onderhoud word in die inkomstestaat verantwoord in die tydperk wanneer die koste aangegaan is.

Waardevermindering op geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien teen koerse wat die koste daarvan afskryf na 'n geskatte reswaarde. Die reswaardes en verwagte nuttige lewensduur van bates word jaarliks op verslagdoeningsdatum hersien en aangepas indien nodig. Geen waardevermindering word op grond voorsien nie.

Huurbates – Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, d.i. waar die groep effektief al die risiko's en voordele verbonde aan eiendomsreg verkry, word met ingang van die ooreenkoms teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde bate of die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings gekapitaliseer. Gehuurde bates word afgeskryf oor die kortste van die huurtermyn of die tydperk waarvoor die betrokke batekategorie andersins afgeskryf word. Die ooreenstemmende huurverplichting, netto van finansieringskoste, word in nie-bedryfslaste ingesluit. Elke huurbetaling word geallokeer tussen die las en finansieringskoste ten einde 'n konstante koers op die uitstaande finansieringsbalans te verkry. Finansieringskoste word oor die huurtermyn in die inkomstestaat verantwoord deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Die huur van bates ingevolge waarvan alle risiko's en voordele verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word op die reguitlynmetode oor die huurtermyn in die inkomstestaat erken.

Voorproduksiekoste en rente – Voorproduksiekoste en rente direk toeskryfbaar aan die verkryging, konstruksie of produksie van kwalifiserende bates, d.i. bates wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem om gereed te maak vir hul voorgenome gebruik of verkoop, word gekapitaliseer as deel van die koste van die bate totdat die bate wesentlik gereed is vir sy voorgenome gebruik of verkoop. Beleggingsinkomste verdien op tydelike beleggings van spesifieke lenings in afwagting van hul spandering op kwalifiserende bates, word van gekapitaliseerde finansieringskoste afgetrek.

(III) BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Die billike waarde van die biologiese landbou Bates word op die volgende wyse in berekening gebring:

Groeïende oeste en boorde – Groeïende oeste en boorde bestaan uit twee elemente:

- ▶ Draende biologiese bates – suikerrietwortels en piesangplante
- ▶ Verbruikbare biologiese bates – staande suikerriet en piesangs

Draende biologiese bates word gemeet teen billike waarde gebaseer op die huidige vervangingskoste van aanplanting en vestiging, waarna die waarde verminder word oor die nuttige lewensduur.

Verbruikbare biologiese bates word gemeet teen billike waarde, wat bepaal word volgens huidige geraamde markpryse minus geraamde koste ten opsigte van die oes, vervoer en verpakking van die bates en verkoospuntkoste.

- ▶ Staande suikerriet volgens geraamde suikroes-inhoud, ouderdom en markprys.
- ▶ Groeïende vrugte volgens geraamde opbrengs, kwaliteitstandaarde, ouderdom en markprys.

Broeivoorraad – Broeivoorraad sluit alle teel- en lê-bedrywighede in. Broeieiers word by broeivoorraad ingesluit. Broeivoorraad word gemeet teen billike waarde minus geskatte verkoospuntkoste op rapporteringsdatums. Die bepaling van die billike waarde is gebaseer op markpryse of, waar markpryse nie beskikbaar is nie, met verwysing na sektorale norme.

Winstes en verliese wat ontstaan met die aanvanklike erkenning van hierdie bates teen billike waarde minus beraamde verkoospuntkoste en as gevolg van 'n verandering in billike waarde minus beraamde verkoospuntkoste word in die inkomstestaat verantwoord gedurende die tydperk waarin dit ontstaan.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(III) BIOLOGIESE LANDBOUBATES (vervolg)

Korttermyn/langtermyn onderskeid – draende biologiese bates word as nie-bedryfsbates in die staat van finansiële stand verantwoord, terwyl broeivoorraad en braaihoendervoorraad as bedryfsbates verantwoord word.

(IV) BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys minus opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien ten einde die geboue na hul geskatte reswaardes af te skryf.

Beleggingseiendomme word elke derde jaar waardeer deur eksterne onafhanklike professionele waardeerders.

(V) ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde – Klandisiewaarde ontstaan by die verkryging van filiale en verteenwoordig die oorskot van die koopsom bo Remgro se belang in die netto billike waarde van die netto identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike laste van die verkrygde, en die billike waarde van die nie-beherende belang in die verkrygde. Klandisiewaarde word teen koste minus opgehoopte waardedalingsverliese getoon.

Identifiseerbare ontasbare bates (insluitende handelsmerke, klantkontrakte en -verhoudinge en sagteware) – Die koste om identifiseerbare ontasbare bates en handelsmerke te ontwikkel en te vestig, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Gevolglik word die waardes daarvan nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van identifiseerbare ontasbare bates wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf.

Navorsings- en ontwikkelingskoste – Navorsingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkeningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf. Ontwikkelingskoste wat voorheen as 'n uitgawe erken is, word nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken nie.

Identifiseerbare ontasbare bates en gekapitaliseerde ontwikkelingskoste met onbepaalde leeftye word nie geamortiseer nie.

(VI) FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente in die finansiële state geopenbaar sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings in geldmarkfondse, ander beleggings, afgeleide instrumente, debiteure en korttermynlenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken, wanneer die groep 'n party word by die kontraktuele terme van die instrumente. Die transaksiekoste verwant aan die verkryging van finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies word in die inkomstestaat verantwoord. Ná aanvanklike erkenning word die instrumente soos volg verantwoord:

Lenings en debiteure – Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare paaiemente wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie. Hierdie instrumente word teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Finansiële instrumente gehou tot vervaldatum – Instrumente met 'n vaste vervaldatum, waar die groep die bedoeling en vermoë het om dit tot die vervaldatum te hou, word geklassifiseer as finansiële instrumente gehou tot vervaldatum en teen geamortiseerde koste verantwoord deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop – Ander langtermyn finansiële instrumente word geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop en teen billike waarde verantwoord. Ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop, word in ander omvattende inkomste verantwoord in die tydperk waarin dit ontstaan. Wanneer hierdie finansiële instrumente óf ontferk word óf 'n waardedaling plaasvind, word die opgelope billike waarde aanpassings gerealiseer en in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies – Hierdie instrumente, wat bestaan uit beleggings in geldmarkfondse, finansiële instrumente gehou vir verhandeling en dié wat by hul ontstaan aangewys word as gehou teen billike waarde deur wins en verlies, word teen billike waarde verantwoord. Afgeleide instrumente word ook as gehou vir verhandeling geklassifiseer tensy dit as 'n skans aangewys is. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van hierdie finansiële instrumente word in die inkomstestaat ingesluit in die tydperk waarin dit ontstaan.

Beleggings in geldmarkfondse hou verband met beleggings in aandele in likiditeitsfondse waarvan die onderliggende beleggings vervaldatums van tot een jaar het. Die aandele in hierdie fondse mag daagliks teruggeroep word.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg) (VI) FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Handelskrediteure en lenings – Handelskrediteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Alle aankope en verkope van finansiële instrumente word op transaksiedatum verantwoord.

Finansiële bates (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep sy regte, soos in die kontrak gespesifiseer, realiseer, die regte verval of die groep sy kontraktuele regte, wat die finansiële bate omvat, prysgee of beheer daarvoor verloor. By die onterkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag van dié bate en die opbrengs ontvang, sowel as enige vorige aanpassings ten einde die billike waarde daarvan te weerspieël en teen ander omvattende inkomste verantwoord was, in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële laste (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep onthef word van die verpligting gespesifiseer in die kontrak, die verpligting gekanselleer word, of dit verval. By die onterkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag van dié las, ingesluit verwante ongeamortiseerde kostes sowel as enige bedrag daarvoor betaal, in die inkomstestaat verantwoord.

Raming van billike waarde – Finansiële instrumente wat teen billike waarde in die staat van finansiële stand gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërgarie:

- ▶ Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
- ▶ Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
- ▶ Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel, word teen die toepaslike gekwoteerde pryse gemeet. Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel nie, word bepaal deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van metodes en aannames gebaseer op markomstandighede en risiko wat op verslagdoeningsdatum bestaan, ingesluit onafhanklike evaluering en verdiskonteerde kontantvloeiemetodes. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Daar is groepmaatskappye wat ook partye is by afgeleide finansiële instrumente wat die blootstelling aan finansiële risiko's verlaag. Hierdie instrumente bestaan hoofsaaklik uit termynkontrakte.

Kontantvloeiëskanse

Die effektiewe gedeelte van veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat aangewese is, en as kontantvloeiëskanse kwalifiseer, word in ander omvattende inkomste erken. Die wins of verlies wat verband hou met die oneffektiewe gedeelte word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Bedrae wat in ekwiteit vermeerder, word herklassifiseer in die inkomstestaat in die tydperke wanneer die verskanste item wins en verlies sal beïnvloed (byvoorbeeld wanneer die geraamde verkope, wat verskans is, plaasvind). Wanneer die geraamde verskanste transaksie egter die erkenning van 'n nie-finansiële bate (byvoorbeeld voorraad) of 'n verlies tot gevolg het, word die winste en verliese wat voorheen in ekwiteit uitgestel is, oorgedra vanaf ekwiteit en by die aanvanklike raming van die koste van die bate of laste ingesluit. Die uitgestelde bedrae word uiteindelik erken in die koste van verkoopte goedere, in die geval van voorraad, of in waardevermindering, in die geval van vaste bate. Wanneer 'n verskanste instrument verval, of verkoop word, of wanneer die skans nie langer aan die vereistes vir skansrekeningkunde voldoen nie, bly enige kumulatiewe wins of verlies wat in daardie stadium in ekwiteit bestaan, in ekwiteit en word dit erken wanneer die beoogde transaksie uiteindelik in die inkomstestaat erken word. Wanneer 'n beoogde transaksie na verwagting nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies wat in ekwiteit gerapporteer is, onmiddellik na die inkomstestaat oorgedra.

Billikewaardeskanse

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente, wat aangewese is en as billikewaardeskanse kwalifiseer, word in die inkomstestaat verantwoord saam met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of las toeskryfbaar aan die verskanste risiko. Die groep pas billikewaarde-skansrekeningkunde toe om buitelandse valutarisiko's op sekere buitelandse valutabalanse te verskans. Die wins of verlies wat verband hou met die effektiewe en oneffektiewe gedeelte word in die inkomstestaat onder buitelandse valuta-wins of -verliese erken. As die skans nie meer aan die vereistes vir skansrekeningkunde voldoen nie, word die verandering in die drawaarde van 'n verskanste item, waarvoor die effektiewe rentekoersmetode gebruik is, geamortiseer na wins of verlies oor die tydperk tot die vervaldatum.

Groepmaatskappye wat nie verskansingsrekeningkunde toepas nie, erken veranderinge in die billike waarde van hierdie en ander afgeleide instrumente in die inkomstestaat in die tydperk waarin dit ontstaan.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(VI) FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Billikewaardeskanse (vervolg)

Enige afgeleide instrumente ingesluit in finansiële instrumente word van die gasheerkontrak geskei wanneer hul ekonomiese eienskappe nie 'n noue verwantskap toon met dié van die gasheerkontrak nie en die gasheerkontrak nie teen billike waarde verantwoord word nie. Winste en verliese word in die inkomstestaat verantwoord.

Waar 'n wetlike huidig afdwingbare reg bestaan om erkende finansiële bates en laste teen mekaar te verreken, en daar die voorneme is om gelyktydig die las te vereffen en die bate te realiseer, of om op 'n netto grondslag te vereffen, word alle verwante finansiële uitwerkings teen mekaar verreken.

(VII) NIE-BEDRYFSBATES GEHOU VIR VERKOOP EN BEËINDIGDE BEDRYGWIGHEDE

Nie-bedryfsbates (of vervreemdingsgroepe) word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien hul drawaardes hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie, eerder as deur voortdurende verbruik, verhaal sal word. Hierdie bates (of vervreemdingsgroepe) word gemeet teen die laagste van óf drawaarde óf billike waarde minus verkoopskoste.

Die groep klassifiseer 'n komponent as 'n beëindigde bedrywigheid wanneer daardie komponent vervreem is, of as gehou vir verkoop geklassifiseer is; en

- ▶ dit 'n aparte hooflyn van besigheid of geografiese area van bedrywighele verteenwoordig;
- ▶ dit deel is van 'n enkele plan om 'n aparte hooflyn van besigheid of geografiese area van bedrywighele te vervreem; of
- ▶ dit 'n filiaal is wat verkry is met die uitsluitlike doel om herverkoop te word.

'n Komponent van die groep bestaan uit bedrywighele en kontantvloei wat duidelik vir bedryfs- en finansiële rapporteringsdoeleindes onderskei kan word van die res van die groep.

(VIII) VOORRAAD

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste, wat finansieringskoste uitsluit, bepaal word, is die eerste-in-eerste-uit-kostemetode. Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprijs in die normale gang van besigheid, minus veranderlike verkoopskoste. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

(IX) BELASTING

Belastinguitgawes vir die jaar sluit lopende en uitgestelde belasting in. Belasting word in die inkomstestaat erken, behalwe in die mate waarin dit verband hou met items wat in ander omvattende inkomste, of direk in ekwiteit, erken is. In hierdie geval word belasting ook in ander omvattende inkomste, of direk in ekwiteit, erken. Rente en boetes word as deel van ander laste openbaar gemaak.

Lopende belasting word voorsien deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse gebaseer op toepaslike belastingwette.

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die staat van finansiële stand-aanspreeklikheidsmetode en deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse. Voorsiening word gemaak vir alle tydelike verskille tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes in die staat van finansiële stand. Geen uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken in daardie omstandighede waar die aanvanklike erkenning van 'n bate of las geen invloed het op rekeningkundige of belasbare inkomste nie. Uitgestelde belastingbates word nie erken nie tensy dit waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees in toekomstige tydperke waarteen dié bates aan-gewend kan word.

Sekondêre belasting op maatskappye (SBM) is voorheen bereken op dividendbetalings (netto van dividende ontvang) en erken as 'n belastinguitgawe. SBM is met ingang 1 April 2012 vervang met 'n nuwe terughoubelasting op kontantdividende waarvolgens die aandeelhouer, en nie die maatskappy nie, met uitsondering van nie-kontantdividende belas word. Onaangewende SBM-krediete verval op 1 April 2015.

(X) BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en verslagdoeningsgeldeenheid

Items wat by die finansiële state van elk van die groep se entiteite ingesluit is, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedryf word, d.i. sy funksionele geldeenheid. Die funksionele geldeenheid van die maatskappy en die verslagdoeningsgeldeenheid van beide die maatskappy en die groep is rand. Alle bedrae, tensy anders aangetoon, word in miljoene getoon.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg) (X) BUITELANDSE VALUTA (vervolg)

Transaksies en balanse

Transaksies in buitelandse geldeenhede word na die funksionele geldeenheid omgerekend teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum heers. Wisselkoerswinste en -verliese wat ontstaan uit die vereffening van sulke transaksies en die omrekening op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse van monetêre bates en laste wat gedenomineer is in buitelandse geldeenhede, word in die inkomstestaats erken, tensy dit in ander omvattende inkomste uitgestel word as

kwalifiserende kontantvloeienskanse en kwalifiserende netto beleggingskanse. Omrekeningsverskille op nie-monetêre items word volgens die klassifikasie van die onderliggende items verantwoord. Wisselkoerswinste en -verliese op finansiële instrumente geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word in ander omvattende inkomste ingesluit, terwyl dié op finansiële instrumente gedra teen billike waarde deur wins en verlies as deel van die billike waarde wins of verlies verantwoord word.

Groepsentiteite

Die resultate en finansiële posisie van alle buitelandse bedrywighede (uitgesluit dié wat in hiperinflasionêre ekonomieë bedryf word) met 'n funksionele geldeenheid wat verskil van die groep se verslagdoeningsgeldeenheid, word soos volg na die verslagdoeningsgeldeenheid omgerekend:

- ▶ Bates en laste word teen die sluitingskoers op die verslagdoeningsdatum omgerekend.
- ▶ Inkomste en uitgawes vir elke inkomstestaats word teen die gemiddelde wisselkoerse vir die jaar omgerekend, tot dié mate dat die gemiddelde wisselkoerse die werklike koerse weerspieël.
- ▶ Alle voortspruitende wisselkoersverskille word in ander omvattende inkomste verantwoord.

Met konsolidasie word wisselkoersverskille, voortspruitend uit die omrekening van die netto belegging in buitelandse bedrywighede, en van lenings en ander geldeenheidinstrumente wat as skans van sulke beleggings aangewys is, in ander omvattende inkomste verantwoord. Met die vervreemding van buitelandse bedrywighede word die verwante wisselkoersverskille in die inkomstestaats erken as deel van die wins of verlies met die verkoop. Klandisiewaarde en billike waarde aanpassings voortspruitend uit die verkryging van buitelandse bedrywighede word as bates en laste van die buitelandse bedrywigheid hanteer en teen die sluitingskoers op verslagdoeningsdatum omgerekend.

(XI) WAARDEDALING VAN BATES

Klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensduur

Hierdie bates word jaarliks oorweeg vir moontlike waardedalings. Ten einde te bepaal of 'n waardedaling daarop plaasgevind het, word klandisiewaarde toegedeel aan kontantgenererende eenhede. 'n Kontantgenererende eenheid is die laagste komponent van die besigheid wat in bestuurstaat gemeet word en waarvan verwag word om kontantvloei te genereer wat grotendeels onafhanklik van 'n ander besigheidskomponent is. Waardedalingsverliese wat verband hou met klandisiewaarde word nie teruggeskryf nie. Enige waardedaling word in die inkomstestaats verantwoord.

Ander bates

Op elke rapporteringsdatum oorweeg die groep of daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling van ander bates bestaan.

▶ Waardedaling – filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye

'n Waardedaling van 'n bate vind plaas wanneer die drabedrag groter is as die verwagte verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van billike waarde minus verkoopskoste of die waarde in gebruik. Die drawaardes van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye word hersien, indien daar objektiewe bewyse bestaan wat op 'n waardedaling dui, en afgeskryf vir waardedalings waar nodig.

▶ Beleggingseiendom, eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates met beperkte lewensduur

Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van hierdie bates gedaal het benede die betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde die waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word in die inkomstestaats verantwoord.

▶ Finansiële instrumente getoon teen geamortiseerde koste

'n Waardedaling word erken en die finansiële bate se drabedrag word afgeskryf slegs indien daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan en laasgenoemde die gevolg is van een of meer gebeure wat plaasgevind het na die aanvanklike erkenning van die bate ('n "waardedalingsgebeurtenis") en die waardedalingsgebeurtenis 'n uitwerking het op die verwagte toekomstige kontantvloei van die finansiële bate, en betroubaar gemeet kan word.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(XI) WAARDEDALING VAN BATES (vervolg)

Ander bates (vervolg)

► Finansiële instrumente getoon teen geamortiseerde koste (vervolg)

Indien daar objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedalingsverlies op lenings en debiteure óf beleggings gehou tot vervaldatum wat teen geamortiseerde koste verantwoord word, plaasgevind het, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drabedrag van die bate word verminder en die bedrag van die verlies word in die inkomstestaat verantwoord. In die geval van 'n belegging gehou tot vervaldatum of 'n lening met 'n veranderlike rentekoers, is die verdiskonteringskoers vir die meting van die waardedalingsverlies die huidige effektiewe rentekoers wat ingevolge die kontrak bepaal is. As 'n praktiese hulpmiddel, mag die groep waardedaling meet op die basis van 'n instrument se billike waarde deur van waarneembare markpryse gebruik te maak.

Indien die bedrag van die waardedalingsverlies in 'n daaropvolgende tydperk afneem en die afname objektief aan 'n gebeurtenis gekoppel kan word wat plaasgevind het nadat die aanvanklike waardedaling erken is, soos 'n verbeterde kredietgradering, word die waardedalingsverlies wat voorheen erken is teruggedra en in die inkomstestaat verantwoord.

► Finansiële bates getoon teen billike waarde

Indien enige objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan vir finansiële bates beskikbaar vir verkoop, word die kumulatiewe verlies, gemeet as die verskil tussen die verkrygingskoste en huidige billike waarde minus enige waardedalingsverliese ten opsigte van die finansiële bate wat voorheen in wins en verlies verantwoord is, uit ander omvattende inkomste verwyder en in die inkomstestaat verantwoord.

Waardedalingsverliese op ekwiteitsinstrumente wat in die inkomstestaat verantwoord is, word nie later deur die inkomstestaat teruggeskryf nie, maar word in ander omvattende inkomste verantwoord.

► Aanbieding

Aangesien die item beduidend is, word dit as 'n afsonderlike lynitem onder handelswins in die inkomstestaat aangebied.

(XII) VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting ontstaan as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te verreef, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die uitgawes wat na verwagting benodig gaan word ten einde die verpligting af te los. Die huidige waarde word bereken deur gebruik te maak van 'n voorbelaste koers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en die spesifieke risiko's wat met die verpligting verband hou in aanmerking neem. Die toename in die voorsiening as gevolg van tydsverloop word as rente-uitgawe erken.

(XIII) WERKNEMERVOORDELE

Na-aftredevoordele

Pensioenverpligtinge – Maatskappye in die groep verskaf omskrewedeel- en omskrewedydrae-na-aftrede fondse vir hulle werknemers. Die planbates van dié fondse word in afsonderlike trusteebestuurde fondse gehou. Die fondse word deur betalings van die werknemers en die groep befonds, gebaseer op aanbevelings deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Die rekeningkundige pensioenkosse van die omskrewedeel-fondse word bepaal deur gebruik te maak van die geprojekteerde kredieteenhedemethode. Die koste om pensioene te voorsien word in die inkomstestaat verreken deur die koste te versprei oor die diensteryn van werknemers in ooreenstemming met advies van gekwalifiseerde aktuarisse. Die pensioenverpligting word bepaal volgens die huidige waarde van die geskatte toekomstige kontantuitvloei deur gebruik te maak van rentekoerse van staatseffekte wat ongeveer dieselfde terme tot vervaldatum het as die verwante verpligting.

Verstrekedienskosse word onmiddellik afgeskryf.

Die netto surplus of tekort van die voordeelverpligting is die verskil tussen die huidige waarde van die befondsde verpligtinge en die billike waarde van die fondsbates. Aktuariële winste en verliese wat spruit uit ervaringsaanpassings en veranderinge in aktuariële aannames word gehef teen, of gekrediteer na, ekwiteit in ander omvattende inkomste in die tydperk waarin dit ontstaan.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(XIII) WERKNEMERVOORDELE (vervolg)

Na-aftredevoordele (vervolg)

Die groep se bydrae tot die omskrewedydrae-pensioenfondse word verreken in die inkomstestaat in die tydperk waarop dit betrekking het.

Na-aftrede mediese verpligtinge – Die groep verskaf na-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die geregtigheid op na-aftrede mediese voordele is gebaseer op die vereiste dat die werknemers in diens bly tot aftrede en die voltooiing van 'n minimum dienstydperk. Die geprojekteerde kredieteenhedemethode van waardasie word gebruik vir die berekening van die na-aftrede mediese verpligting.

Die verwagte koste van dié voordele word as uitgawe verantwoord en die verpligting oor die tydperk van diens geakkumuleer deur gebruik te maak van rekeningkundige metodologie wat ooreenstem met dié van omskrewevoordeelpensioenfondse. Waardasies van dié verpligtinge word uitgevoer deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Ekwiteitsvergoedingsplanne

Die Remgro groep bedryf verskeie ekwiteitskikkende aandeelgebaseerde vergoedingsplanne. Die billike waarde van aanbiede word op die toekenningsdatum bepaal en as werknemersdienskosse oor die vestigingstydperk van die aanbod verantwoord, met 'n ooreenstemmende toename in ekwiteit, gebaseer op die groep se beraming van die aantal aandele wat uiteindelik sal vestig. Die billike waarde word bepaal deur van 'n binomiale model gebruik te maak. Die verwagte kontraklewe wat gebruik is in die model is aangepas volgens bestuur se beste beraming van die effek van nie-oordraagbaarheid, uitoefeningsbeperkings en gedragsoorwegings.

Enige winste en verliese wat realiseer uit aandele gelewer aan die deelnemers van die skemas word direk in ekwiteit erken. Die opbrengs ontvang, na aftrekking van enige direk toeskryfbare transaksiekostes, word teen tesourie-aandele verreken wanneer die opsies uitgeoefen word.

Korttermynvoordele

Werknemers se geregtigheid op verlof word erken wanneer dit ophoop ten gunste van die betrokke werknemers. 'n Krediteur word geskep vir die beraamde aanspreeklikheid vir verlof as gevolg van dienste wat deur werknemers gelewer word tot op verslagdoeningsdatum.

(XIV) KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Vir doeleindes van die staat van kontantvloei bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande en daggelddeposito's by banke, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die staat van finansiële stand by korttermyn rentedraende lenings ingesluit.

(XV) INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesentlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is. Inkomste uit dienste word verantwoord sodra die diens gelewer is. Verkope bestaan uit die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar vir die verkoop van goedere en dienste in die normale gang van die groep se bedrywigheede en word netto van belasting op toegevoegde waarde, teruggestuurde goedere en afslag getoon.

Rente word op 'n tydsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig word.

(XVI) AANDELEKAPITAAL

Gewone aandele en B-gewone aandele van die maatskappy word as ekwiteit geklassifiseer. Koste wat direk aan die uitreiking van nuwe aandele toegeskryf kan word, word as 'n aftrekking teen die opbrengs in ekwiteit verantwoord.

Aandele in die maatskappy wat deur groepmaatskappye gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer en teen kosprys getoon. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die uitgereikte aantal aandele hanteer en in berekening gebring by die bepaling van die geweegde gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

(XVII) UITKERING VAN DIVIDENDE

Uitkering van bates aan die maatskappy se aandeelhouders word teen billike waarde verantwoord.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg) (XVIII) INKOMSTESTAAT

Die samestelling van die groep se netto wins is relevant vir 'n behoorlike begrip van sy finansiële resultate. Vanweë die aard van die groep se bedrywighede is 'n wesentlike deel van sy netto wins afkomstig van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings. As gevolg hiervan word bykomende inligting ten opsigte van die groep se aandeel in die na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings afsonderlik in aantekening 28 openbaar gemaak. Om vergelykbaarheid te bevorder word ekwiteitsverantwoorde inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, wat op 'n na-belaste grondslag aangebied word, ná die belastinglyn in die inkomstestaat openbaar gemaak.

“Gekonsolideerde wins” verteenwoordig die wins van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye, voor ekwiteitsverantwoorde inkomste, terwyl “bedryfswins” die wins van die bedryfsfiliale in die groep, voor beleggingsinkomste, finansieringskoste en items van 'n kapitale aard, verteenwoordig.

Van tyd tot tyd mag korporatiewe bedrywighede daartoe lei dat wesentlike items in die inkomstestaat erken word wat nie uitgesluit mag word in die berekening van wesensverdienste nie. In sodanige gevalle mag die groep kies om alternatiewe verdienstemaatstawwe te openbaar wat hierdie items uitsluit ten einde vergelykbaarheid tussen rapporteringstydperke te bevorder.

(XIX) ONDERSKEIDING TUSSEN KORTTERMYN/LANGTERMYN

Items word as korttermyn geklassifiseer indien daar verwag word dat dit gerealiseer, verhandel, verbruik of afgelos sal word binne twaalf maande na die verslagdoeningsdatum, óf indien die groep nie 'n onvoorwaardelike reg het om aflossing uit te stel tot ten minste twaalf maande na die verslagdoeningsdatum nie.

(XX) SEGMENTVERSLAGDOENING

Operasionele segmente word aangebied op 'n soortgelyke wyse as wat dit vir doeleindes van interne rapportering aan die hoof bedryfsbesluitnemer gebied word. Die hoof bedryfsbesluitnemer, wat verantwoordelik is vir die toewysing van hulpbronne en evaluering van die prestasie van die operasionele segmente, is geïdentifiseer as die raad van direkteure van die maatskappy, wat strategiese besluite neem. Elke beduidende belegging word as 'n operasionele segment geklassifiseer.

(XXI) KRITIESE REKENINGKUNDIGE OORDEEL EN KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES

Die voorbereiding van die finansiële state noodsaak die gebruik van ramings, aannames en oordeel wat die gerapporteerde bedrae in die staat van finansiële stand en inkomstestaat beïnvloed. Hoewel ramings op bestuur se beste kennis en oordeel van bestaande feite op verslagdoeningsdatum gebaseer is, kan die werklike resultate van hierdie ramings verskil.

Kritiese oordeel in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid

Die mees beduidende oordeel uitgeoefen hou verband met die klassifikasie van beleggings as geassosieerde maatskappye pleks van beleggings beskikbaar vir verkoop. Daar is sekere beleggings waarvoor, na die mening van Remgro, 'n beduidende invloed uitgeoefen word, hoewel Remgro 'n belang van minder as 20% in hierdie maatskappye het. Aangesien Remgro egter direksieverteenwoordiging het en een van die grootste aandeelhouers in hierdie maatskappye is, het hy beduidende invloed op hulle finansiële en bedryfsbeleid en word daardie beleggings volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord en nie as finansiële instrumente teen billike waarde nie.

Kritiese oordeel word ook toegepas ten opsigte van die bepaling van die funksionele geldeenheid van die buitelandse entiteite wat die groep se kontant en korttermynbeleggings huisves. Die funksionele geldeenheid van hierdie entiteite word bepaal met verwysing na die geldeenheid waarin die entiteite se kontantinvloë uit bedrywighede gegenereer word, aangesien dit die betroubaarste weerspieëling is van die ekonomiese impak van die onderliggende transaksies, gebeure en toestande. Die bedrywighede van hierdie entiteite kan duidelik onderskei word van die houermaatskappy en die entiteite word afsonderlik van mekaar bedryf in terme van 'n strategiese beleggingsplan om in sterk geldeenheid te belê, gebaseer op spesifieke en voorafbepaalde portefeuljetoekenings. Gevolglik word wisselkoersverskille wat op die omskakeling van hierdie entiteite na die verslagdoeningsgeldeenheid van die groep ontstaan, in ander omvattende inkomste uitgestel totdat dit gerealiseer is, in plaas daarvan om dit op 'n deurlopende basis in die inkomstestaat te verantwoord.

'n Ander kritieke oordeel hou verband met die waardedaling van RCL Foods se bates. Die direksie van RCL Foods het voldoen aan die vereistes van IAS 36: *Waardedaling van Bates* en het die nodigheid vir 'n waardedaling van bates oorweeg. Geen waardedaling van bates is voorsien nie, aangesien teenstortingsaansoeke tans voor die relevante liggame dien en 'n suksesvolle uitkoms moontlik die normale vlakke van aanbod en vraag, asook 'n aanvaarbare inkomstemarge, kan herstel. Indien hierdie aansoeke egter onsuksesvol is, of daar geen verbetering in Rainbow se bedryfsmarges is nie, sal waardedaling voorsien moet word.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(XXI) KRITIESE REKENINGKUNDIGE OORDEEL EN KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES (vervolg)

Kritiese rekeningkundige ramings en aannames

'n Beduidende raming hou verband met die groep se rekeningkundige beleid om uitgestelde belasting te voorsien op alle tydelike verskille tussen die drawaarde en die belastingbasis van beleggings. Hierdie belasting word gemeet teen die beraamde belastinggevolge gebaseer op die wyse waarop die entiteit, op die verslagdoeningsdatum, verwag om die drawaarde van die onderskeie beleggings te realiseer. Die drawaarde van beleggings in geassosieerde maatskappye word hoofsaaklik by wyse van dividende verhaal. Aangesien geen belasbare tydelike verskille bestaan nie, word geen uitgestelde belasting voorsien nie. Uitgestelde belasting op die billike waarde aanpassings van beleggings beskikbaar vir verkoop word voorsien gebaseer op die toekomstige ekonomiese voordeel wat die entiteit na verwagting uit die bate sal realiseer, d.i. 'n kombinasie van dividende en kapitale winste of verliese.

Ander ramings en aannames hou verband met die bepaling van die nuttige lewensduur van bates, waardedalings, die waardasie van ongenoteerde beleggings en die aannames wat gebruik is in die berekening van die verpligtinge wat verband hou met aftreevoordele en aandeelgebaseerde betalings. Besonderhede van hierdie ramings en aannames word in die toepaslike aantekeninge by die finansiële jaarstate uiteengesit.

Kritiese rekeningkundige ramings en aannames is gemaak tydens die aankoopprys-allokasieproses in die verantwoording van die verkryging as 'n besigheidsamevoeging ingevolge *IFRS 3: Besigheidsamevoegings*. Hierdie ramings en aannames hou verband met die bepaling van nuttige lewensduur van bates, diskontokoerse, groeikoerse en waardasie van ongenoteerde beleggings.

(XXII) NUWE REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE EN INTERPRETASIES

Bestuur het alle nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS wat reeds op 30 Junie 2014 uitgereik is maar nog nie op dié datum van krag geword het nie, oorweeg. Die standpunte wat op die groep van toepassing is, maar nie vroeg geïmplementeer is nie, is die volgende:

▶ IFRS 9: Finansiële Instrumente

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)

Die Raad van Internasionale Rekeningkundige Standaarde (IASB) het *IFRS 9: Finansiële Instrumente* uitgereik as 'n eerste stap ter vervanging van *IAS 39: Finansiële Instrumente – Erkennung en Meting*. IFRS 9 stel nuwe vereistes vir die klassifisering en meting van finansiële bates, sowel as vereistes vir die klassifisering en meting van finansiële laste.

Die IASB beplan om IFRS 9 uit te brei om nuwe vereistes vir die ontkenning van finansiële instrumente, waardedaling en skansrekeningkunde daar te stel. IFRS 9 sal 'n algehele plaasvervanger vir IAS 39 wees, maar die verpligte toepassingsdatum is nog nie bepaal nie.

▶ IFRS 14: Regulerende Uitgestelde Rekenings

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2016)

IFRS 14 is van toepassing op eerste aannemers van IFRS, wat IFRS 1 toepas en by tariefregulerende bedrywighede betrokke is. Die standpunt sal nie 'n uitwerking op die groep hê nie.

▶ IFRS 15: Inkomste uit Kontrakte met Klante

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2017)

Die standpunt skryf die rekeningkundige hantering en openbaarmaking voor met betrekking tot inkomsterkenning uit kontrakte met klante.

▶ Wysigings aan IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014)

Indien die besigheidsentiteit aan die definisie van 'n beleggingsentiteit voldoen, mag sy filiaalmaatskappye teen billike waarde deur wins en verlies verantwoord word, met toepaslike openbaarmaking. Die billike waarde mag nie verder gekonsolideer word deur 'n ouer-entiteit wat nie 'n beleggingsentiteit is nie.

▶ Wysiginge aan IFRS 11: Gesamentlike Reëlings

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2016)

Hierdie wysiging verskaf nuwe riglyne oor hoe om die verkryging van 'n belang in 'n gesamentlike bedryf, wat 'n besigheid uitmaak, te verantwoord. Die wysiginge spesifiseer die toepaslike rekeningkundige hantering van sulke verkrygings.

▶ Wysigings aan IAS 1: Aanbieding van Finansiële State

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014)

Hierdie wysiging bevestig die openbaarmakingsvereistes vir vergelykende inligting wanneer 'n entiteit 'n derde staat van finansiële stand openbaar, hetsy vereis deur *IAS 8: Rekeningkundige Beleid, Verandering in Rekeningkundige Ramings en Foute* of vrywilliglik.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(XXII) NUWE REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE EN INTERPRETASIES (vervolg)

- ▶ **Wysigings aan IAS 16 en IAS 38 – Klassifikasie van Aanvaarbare Metodes van Waardevermindering en Amortisasie**
(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2016*)

Die IASB het IAS 16: *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en IAS 38: *Ontasbare Bates* gewysig om te verduidelik wanneer 'n metode van waardevermindering of amortisasie, gegrond op inkomste, toepaslik mag wees.

Die wysiging aan IAS 16 verduidelik dat waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, gegrond op inkomste voortgebring deur die aanwending van die bate, nie toepaslik is nie.

Die wysiging aan IAS 38 vestig 'n weerlegbare vermoede dat amortisasie van 'n ontasbare bate, gegrond op inkomste voortgebring deur die aanwending van die bate, nie toepaslik is nie. Die vermoede mag slegs in sekere beperkte omstandighede weerlê word.

- ▶ **Wysiging aan IAS 19: Werknemervoordele**
(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2014*)

Die wysiging onderskei tussen bydraes wat gekoppel is aan diens slegs in die tydperk waarin dit ontstaan, en dié wat gekoppel is aan diens in meer as een tydperk. Die wysiging laat toe dat bydraes wat gekoppel is aan diens, en nie varieer oor die duur van werknemerdiens nie, afgetrek word van die koste van voordele verdien in die tydperk waarin die diens verskaf is.

Die wysiging sal baie entiteite toelaat (maar nie verplig nie) om voort te gaan om werknemerbydraes deur hul bestaande rekeningkundige beleid te verantwoord pleks daarvan om dit oor werknemers se werklewe te versprei.

- ▶ **Wysigings aan IAS 32: Finansiële Instrumente: Aanbieding en IFRS 7: Finansiële Instrumente: Openbaarmaking**
(*verrekening van finansiële bates en finansiële laste*)

(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014*)

Hierdie standpunte stel die maatstaf waaraan 'n entiteit moet voldoen ten einde erkende bedrae te verreken, sowel as die openbaarmaking wat in sulke omstandighede vereis word.

- ▶ **Wysiging aan IAS 36: Verhaalbare Bedragopenbaarmaking vir Nie-finansiële Bates**
(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014*)

Hierdie wysiging hanteer die openbaarmaking van inligting oor die verhaalbare bedrag van benadeelde bates as die bedrag op billike waarde, minus die koste van vervreemding, gegrond is.

- ▶ **Wysiging aan IAS 39: Vernuwing van Afgeleide Instrumente en Voortsetting van Skansrekeningkunde**
(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014*)

Hierdie wysiging laat skansrekeningkunde toe in 'n situasie waar 'n afgeleide instrument, wat aangewese is as 'n skansinstrument, vernu word om verrekening met 'n sentrale teenparty te bewerkstellig as gevolg van wette en regulasies, sou spesifieke vereistes nagekom word. Soortgelyke verligting sal in *IFRS 9: Finansiële instrumente* ingesluit word.

- ▶ **Jaarlikse Verbeterings**

(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2014*)

Beide die jaarlikse verbeteringsiklusse, 2010-12 en 2011-13, wat verskeie standpunte beïnvloed het, het grootliks in werking getree vir jaartydperke wat op of na 1 Julie 2014 'n aanvang geneem het.

- ▶ **IFRIC 21: Heffings**

(*effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2014*)

IFRIC 21 verduidelik die rekeningkunde vir 'n verpligting om 'n heffing te betaal wat nie inkomstebelasting is nie. Die vertolking kan die erkenning van 'n las op 'n latere stadium as vandag tot gevolg hê, veral met betrekking tot heffings wat veroorsaak word deur omstandighede op 'n spesifieke tydstip.

Daar word nie verwag dat hierdie veranderinge aan IFRS 'n wesentlike uitwerking op die groep se finansiële state sal hê nie.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

2. VERDIENSTE EN DIVIDENDE

R miljoen	30 Junie 2014		30 Junie 2013 Hersaamgestel	
	Bruto	Netto	Bruto	Netto
WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE				
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers		6 917		4 179
Plus/(minus):				
– Negatiewe klandisiewaarde	–	–	(196)	(196)
– Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	(92)	(92)	29	29
– Waardedaling van ander beleggings	80	80	112	112
– Netto waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	(5)	(3)	10	5
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	(32)	(32)	154	154
– Verlies met die verkoop van geëkwiteerde beleggings	83	83	20	20
– Wins met die verkoop van ander beleggings	(98)	(98)	(24)	(26)
– Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(12)	(6)	(12)	(27)
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	(244)	(214)	(13)	(54)
– Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(131)	(107)	8	9
– Wins met verkoop van beleggings	(174)	(169)	(117)	(155)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	262	263	162	158
– Ander nie-herhalende en kapitale items	(201)	(201)	(66)	(66)
Wesensverdienste		6 635		4 196
Mediclinic herfinansieringskoste		–		1 312
Wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste		6 635		5 508

Gedurende Oktober 2012 het Mediclinic International Beperk (Mediclinic) wesentlike eenmalige kostes wat met die volledige herfinansiering van sy Switserse en Suid-Afrikaanse skuld verband hou, aangegaan. Hierdie eenmalige items het die volgende ingesluit:

- ▶ die ontkenning van die verpligting van R3 531 miljoen (R3 311 miljoen na belasting) wat teen markpryse waardeur is en verband hou met die Switserse rentekoersruiltransaksie;
- ▶ versnelde amortisasiekoste van gekapitaliseerde finansieringsuitgawes ten bedrae van R163 miljoen (R129 miljoen na belasting);
- ▶ leningsbreekkoste van R54 miljoen (R39 miljoen na belasting) wat met bestaande Suid-Afrikaanse skuld verband hou;
- ▶ Switserse seëlreg van R41 miljoen (R41 miljoen na belasting); en
- ▶ 'n gerealiseerde wins van R574 miljoen (R574 miljoen na belasting) op buitelandse valutakontrakte.

Remgro se deel van hierdie eenmalige items bedra 'n verlies van R1 312 miljoen.

Vanweë die wesentlike aard van die bedrae betrokke, word wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel ook met uitsluiting van Remgro se aandeel in Mediclinic se herfinansieringskoste waarna hierbo verwys is, aangebied.

Sent	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
VERDIENSTE PER AANDEEL		
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	1 292.4	817.1
– Verwater	1 270.3	805.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste		
– Basies	1 292.4	1 072.6
– Verwater	1 270.3	1 055.5
Verdienste per aandeel		
– Basies	1 347.3	813.8
– Verwater	1 325.7	800.6

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

2. VERDIENSTE EN DIVIDENDE (vervolg)

Verdienste per aandeel

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweege aantal uitgereikte aandele, naamlik 513 404 676 (2013: 513 526 699), in berekening gebring na aftrekking van tesourie-aandele.

Verwaterde verdienste per aandeel

In die berekening van verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel is die geweege aantal uitgereikte aandele aangepas vir die geagte verwateringseffek van die aanbiedinge aanvaar deur deelnemers van die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroei-skema, maar nog nie gelewer nie.

Die lewering van skema-aandele aan deelnemers sal geag word 'n uitgifte van aandele te wees. Aangesien die markwaarde (billike waarde) van die aandele op die datum van lewering sal verskil van die aanbodwaarde, sal die aantal aandele wat daardie verskil verteenwoordig, geag word 'n uitgifte van gewone aandele sonder teenprestasie te wees. Hierdie toegerekende aandele bedra 1 461 477 (2013: 1 384 580) en is bygetel by die geweege aantal aandele ten einde die verwateringseffek te bereken.

Sommige filiaal- en geëkwiteerde beleggings het soortgelyke bestuursaansporingskemas sowel as ander instrumente wat in die toekoms tot 'n verwatering van dié maatskappye se verdienste aanleiding kan gee. Ten einde Remgro se verwaterde verdienste per aandeel te bereken, is R91 miljoen (2013: R51 miljoen) en R88 miljoen (2013: R56 miljoen) teen onderskeidelik wesensverdienste en verdienste verreken ten einde die potensiele verwateringseffek te verantwoord.

Ten einde Remgro se verwaterde wesensverdienste per aandeel, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste, vir die jaar geëindig 30 Junie 2013, te bereken is R73 miljoen teen wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste, verreken ten einde die potensiele verwateringseffek te verantwoord.

KONTANTDIVIDEND VERKLAAR NA JAAREINDE

'n Finale bruto dividend van 233 sent (2013: 201 sent) per aandeel is uit inkomstereserwes verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

Die totale dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 bedra dus 389 sent teenoor 346 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2013.

Die maatskappy sal SBM-krediete van 233 sent per gewone aandeel en 233 sent per ongenoteerde B-gewone aandeel aanwend. Daar sal gevolglik geen dividendbelasting afgetrek word op die finale bruto dividend vir enige Remgro-aandeelhouer nie.

Die uitgereikte aandeelkapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

3. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

R miljoen	Grond en geboue	Masjinerie en toerusting	Voertuie	Kantoor-toerusting	Totaal
Drawaarde op 1 Julie 2012 (hersaamgestel)	1 319	1 787	356	40	3 502
Kosprys	1 905	3 922	593	61	6 481
Opgelope waardevermindering	(586)	(2 135)	(237)	(21)	(2 979)
Toevoegings	216	429	79	6	730
Vervreemdings	(7)	(5)	(7)	–	(19)
Waardevermindering	(64)	(301)	(58)	(5)	(428)
Besighede verkry	728	740	144	–	1 612
Waardedalings	(1)	–	–	–	(1)
Oordragte en ander	(57)	48	3	–	(6)
Drawaarde op 30 Junie 2013 (hersaamgestel)	2 134	2 698	517	41	5 390
Kosprys	2 851	5 526	895	66	9 338
Opgelope waardevermindering	(717)	(2 828)	(378)	(25)	(3 948)
Toevoegings	452	317	75	8	852
Vervreemdings	(2)	(7)	(9)	(1)	(19)
Waardevermindering	(91)	(401)	(87)	(13)	(592)
Waardedalings	(1)	6	–	–	5
Oordragte en ander	(92)	29	9	34	(20)
Drawaarde op 30 Junie 2014	2 400	2 642	505	69	5 616
Kosprys	3 203	5 677	926	149	9 955
Opgelope waardevermindering	(803)	(3 035)	(421)	(80)	(4 339)

Waardeverminderingskoerse (%) is soos volg:

	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Geboue	2 – 50	2 – 50
Masjinerie en toerusting	3 $\frac{1}{3}$ – 100	3 $\frac{1}{3}$ – 100
Voertuie	5 – 33 $\frac{1}{3}$	5 – 33 $\frac{1}{3}$
Kantoor-toerusting	5 – 33 $\frac{1}{3}$	5 – 33 $\frac{1}{3}$

Bates met 'n boekwaarde van R101 miljoen (2013: R102 miljoen) dien as sekuriteit vir verpligtinge onder verbandlenings, bruikhuur- en afbetalingskredietooreenkomste.

Die registers met volledige besonderhede van grond en geboue is vir insae deur aandeelhouers of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappy aan wie die eiendomme behoort.

Bates met 'n boekwaarde van R495 miljoen (2013: R343 miljoen) is nog onder konstruksie.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

4. BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Biologiese bates word teen billike waarde gemeet deur van insette gebruik te maak wat nie op waarneembare markgegewens gegrond is nie. Hierdie bates word gevolglik as vlak 3, in terme van IFRS 13, geklassifiseer. Daar was geen oordragte na ander vlak 1- of vlak 2-billikewaarde-bates in die tydperk onder oorsig nie.

Ingesluit by nie-bedryfsbates:

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	<i>Lietsjie-en</i>				<i>Lietsjie-en</i>			
	<i>Suikerriet-wortels</i>	<i>Suikerriet-plante</i>	<i>piesang-bome</i>	30 Junie 2014	<i>Suikerriet-wortels</i>	<i>Suikerriet-plante</i>	<i>piesang-bome</i>	30 Junie 2013
Saldo's aan die begin van die jaar (hersaamgestel)	181	209	17	407	113	187	18	318
Billike waarde aanpassing	8	278	12	298	75	216	5	296
Waardedaling	-	-	-	-	(1)	(6)	-	(7)
Toevoegings	9	-	-	9	-	-	-	-
Vervreemdings	-	-	-	-	(6)	(1)	-	(7)
Afname deur oeste	-	(209)	(6)	(215)	-	(187)	(6)	(193)
Saldo's aan die einde van die jaar	198	278	23	499	181	209	17	407

Ingesluit by bedryfsbates:

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	<i>Teelhoenders en eiers</i>			<i>Braai-kuikens</i>		
	<i>Teelhoenders en eiers</i>	<i>Braai-kuikens</i>	30 Junie 2014	<i>Teelhoenders en eiers</i>	<i>Braai-kuikens</i>	30 Junie 2013
Saldo's aan die begin van die jaar	272	265	537	255	221	476
Toevoegings	866	3 670	4 536	854	3 756	4 610
Afname deur oeste	(851)	(3 713)	(4 564)	(842)	(3 737)	(4 579)
Billike waarde aanpassing	7	23	30	5	25	30
Saldo's aan die einde van die jaar	294	245	539	272	265	537

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

4. BIOLOGIESE LANDBOUBATES (vervolg)

Die volgende waarderingstegnieke en belangrike insette is gebruik om biologiese bates te meet.

Beskrywing	Waardasietegniek	Onwaarneembare insette	Reeks van onwaarneembare insette	Verhouding van onwaarneembare insette tot billike waarde	Billike waarde op 30 Junie 2014 R miljoen
Hoender-voorraad	Vervangingskoste van komponente om voorraad te laat groei	Eiers per hen Koste van 'n dagoud-broeivoël Vrektekoers Gemiddelde lewende gewig Voerkoste	163 tot 172 per hen R48 tot R57.50 per kuiken 4.6% tot 5.9% 1.56 kg tot 1.84 kg per voël R3 926 tot R4 935 per ton	Hoe hoër die aantal eiers per hen, hoe hoër die billike waarde Hoe hoër die koste per kuiken, hoe hoër die billike waarde Hoe hoër die vrektekoers, hoe laer die billike waarde Hoe hoër die gemiddelde lewende gewig, hoe hoër die billike waarde Hoe hoër die voerkoste per ton, hoe hoër die billike waarde	539
Lietsjebome	Huidige vestigings- en vervangingskoste	Herplanting/ vestigingskoste van lietsjebome	R27 669 per hektaar	Hoe hoër die herplanting/ vestigingskoste, hoe hoër die waarde van die lietsjebome	3
Piesangbome	Huidige vestigings- en vervangingskoste	Herplanting/ vestigingskoste van piesangbome	R48 715 tot R53 555 per hektaar	Hoe hoër die herplanting/ vestigingskoste, hoe hoër die waarde van die piesangbome	20
Suikerrietwortels	Huidige vestigings- en vervangingskoste	Herplanting/ vestigingskoste van suikerrietwortels	R27 212 tot R29 260 per hektaar	Hoe hoër die herplanting/ vestigingskoste, hoe hoër die waarde van die suikerrietwortels	198
Staande suikerriet	Verhaalbare waarde	Verhaalbare waarde (prys per ton van sukrose) minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste	R2 513 tot R2 698 per ton	Hoe hoër die verhaalbare waarde minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste per ton sukrose, hoe hoër die waarde van staande suikerriet	278

Sensitiwiteitsontleding

'n Sensitiwiteitsontleding vir die belangrikste onwaarneembare insette word hieronder getoon.

Inset	Sensitiwiteit
Voerkoste – hoendervoorraad	'n Vyfpersent-verandering in voerkoste sal 'n R11 miljoen-verandering in billike waarde tot gevolg hê.
Vervangingskoste per hektaar – suikerrietwortels	'n Eenpersent-verandering in vervangingskoste sal 'n R2 miljoen-verandering in billike waarde tot gevolg hê.
Verhaalbare waarde prys per ton – staande suikerriet	'n Verandering van een persent in verhaalbare waarde sal 'n R3 miljoen-verandering in billike waarde tot gevolg hê.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

5. BELEGGINGSEIENDOMME

R miljoen	30 Junie 2014			30 Junie 2013		
	Kosprys	Opgelope waarde- vermindering	Netto waarde	Kosprys	Opgelope waarde- vermindering	Netto waarde
Grond	3	–	3	3	–	3
Geboue	39	–	39	39	–	39
	42	–	42	42	–	42

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	Grond	Geboue	30 Junie 2014	Grond	Geboue	30 Junie 2013
Saldo's aan die begin van die jaar	3	39	42	3	34	37
Toevoegings	–	–	–	–	5	5
Saldo's aan die einde van die jaar	3	39	42	3	39	42

Die billike waarde van die groep se diverse eiendomsbeleggingsportefeulje is vir die 2014 finansiële jaar deur 'n onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerder gedoen wat, met inagneming van die spesifieke eiendom, óf 'n verdiskonteerde kontantvloei- óf 'n gedeprisieerde vervangingskoste-benadering gevolg het deur gebruik te maak van insette wat toepaslik is vir elke spesifieke eiendom. Die groep herwaardeer sy eiendomme elke drie jaar. Die billike waarde van die beleggingseiendomme, BTW uitgesluit, bedra R491 miljoen (2013: R389 miljoen).

Geen waardevermindering is op beleggingseiendomme voorsien nie aangesien al die bates beduidende reswaardes het. Die oorblywende nuttige leeftyd van die bates word op 50 jaar beraam.

Die registers met volledige besonderhede van beleggingseiendomme is vir insae deur aandeelhouders of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendomme behoort.

6. ONTASBARE BATES

R miljoen	Klandisie- waarde	Handels- merke	Klante- verhoudinge	Sagteware	Totaal
Drawaarde op 1 Julie 2012	321	3	–	32	356
Koste	333	57	–	37	427
Opgelope amortisasie/waardedaling	(12)	(54)	–	(5)	(71)
Besigheid verkry	2 618	1 865	978	8	5 469
Toevoegings	–	–	17	8	25
Amortisasie	–	(1)	(13)	(5)	(19)
Drawaarde op 30 Junie 2013	2 939	1 867	982	43	5 831
Koste	2 951	1 922	995	53	5 921
Opgelope amortisasie/waardedaling	(12)	(55)	(13)	(10)	(90)
Vervreemdings	–	–	–	(1)	(1)
Toevoegings	–	–	–	19	19
Amortisasie	–	(1)	(99)	(15)	(115)
Oordragte en ander	117	(77)	–	37	77
Drawaarde op 30 Junie 2014	3 056	1 789	883	83	5 811
Koste	3 068	1 845	995	152	6 060
Opgelope amortisasie/waardedaling	(12)	(56)	(112)	(69)	(249)

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

6. ONTASBARE BATES (vervolg)

Amortisasietydperke (jare)	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Handelsmerke	15 – 20	15 – 20
Klanteverhoudinge	4 – 20	4 – 20
Sagteware	3 – 20	3 – 10

Klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensduur word jaarliks getoets vir enige moontlike waardedaling en vir dié doel word hulle toegedeel aan die onderskeie kontantgenererende eenhede soos hieronder aangedui:

	Ontasbare bates met onbeperkte lewensduur			30 Junie 2014 Totaal
	RCL Foods Beperk en sy filiale ⁽¹⁾	RCL Foods Beperk en sy filiale ⁽²⁾	Wispeco Holdings Beperk en sy filiale	
Drawaarde (R miljoen)	1 787	3 041	15	3 056
Basis vir waardasie van kontantgenererende eenhede	Waarde in gebruik	Waarde in gebruik	Waarde in gebruik	
Diskontokoers (%)	11.2	11.2 – 14.9	12.7	
Groeikoers (%)	6.0	5.0 – 6.0	3.0	
Tydperk (jaar)	5	5	5	

⁽¹⁾ Hierdie ontasbare bates, met 'n onbeperkte lewensduur, verwys na die verkryging van New Foodcorp Holdings Eiendoms Beperk (Foodcorp).

⁽²⁾ Die klandisiewaarde hou hoofsaaklik verband met die verkryging van Foodcorp ten bedrae van R2 735 miljoen, sowel as die verkryging van Vector Logistics Eiendoms Beperk ten bedrae van R287 miljoen.

Sensitiwiteitsanalise van die aannames gebruik in die toetse vir waardedaling:

Aanname	Beweging	Waardedaling
Diskontokoers (%)	+2	1 425
Groeikoers (%)	-2	Nul

Ontasbare bates met 'n drawaarde van RNul (2013: R1 872 miljoen) dien as sekuriteit vir sekere lenings.

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Geassosieerde maatskappye	47 691	41 451
Gesamentlike ondernemings	4 478	3 957
	52 169	45 408

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

Deur sy beleggingsfiliaalmaatskappye huisves die groep sy beleggings in gesamentlike ondernemings, geassosieerde maatskappye en finansiële instrumente. Die groep se vernaamste geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings is:

Belegging	Klassifikasie	Besigheid
Distell	Gesamentlike onderneming	Vervaardiger en uitvoerder van Suid-Afrikaanse wyne
FirstRand	Geassosieerde	Ingelyf in Suid-Afrika en bedryf as Eerste Nasionale Bank en Rand-Akseptbank
Mediclinic	Geassosieerde	Ingelyf in Suid-Afrika en bedryf private mediese fasiliteite in Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Switserland
RMBH	Geassosieerde	Suid-Afrikaanse beleggingshouermaatskappy, met hoofsaaklik 'n belang van 34% in FirstRand
RMI Holdings	Geassosieerde	Suid-Afrikaanse beleggingshouermaatskappy, met aansienlike beleggings in die versekeringsbedryf
Unilever Suid-Afrika	Geassosieerde	Vervaardiger en verskaffer van snelverbruikersgoedere in Suid-Afrika

7.1 Geassosieerde maatskappye

R miljoen	30 Junie 2014			30 Junie 2013		
	Genoteer	Ongenoteer	Totaal	Genoteer Hersaamgestel	Ongenoteer Hersaamgestel	Totaal Hersaamgestel
Aandele – teen kosprys	22 224	6 939	29 163	21 673	6 584	28 257
Ekwiteitsaansuiwering	14 377	4 030	18 407	9 085	3 820	12 905
Drawaarde	36 601	10 969	47 570	30 758	10 404	41 162
Langtermynlenings	–	121	121	–	289	289
	36 601	11 090	47 691	30 758	10 693	41 451
Markwaarde van genoteerde beleggings	79 734			62 232		

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar		
Drawaarde aan die begin van die jaar	41 451	34 822
Wisselkoersverskille met omrekening van drawaarde aan die begin van die jaar na jaareindkoers	106	147
Belang in netto toedeelbare wins van geassosieerde maatskappye	6 367	3 671
Dividende ontvang van geassosieerde maatskappye	(2 956)	(2 704)
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	1 843	2 279
Verwateringsuitwerkings	17	(34)
Beleggings gemaak*	969	3 148
Lenings toegestaan	16	18
Beleggings vervreem/kapitaalvermindering	(101)	–
Lenings terugbetaal	(33)	(75)
Oordragte	39	–
Vervreemdings	(130)	–
Negatiewe klandisiewaarde	–	196
Netto waardedalings	103	(17)
Drawaarde aan die einde van die jaar	47 691	41 451

* Die jaar onder oorsig sluit 'n bedrag van R652 miljoen in ten opsigte van Grindrod se versnelde boekbou-aanbod. Die vorige jaar het 'n bedrag van R2 170 ingesluit ten opsigte van Mediclinic se regte-uitgifte, en R486 miljoen ten opsigte van die bykomende belang in KTH.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

7.1 Geassosieerde maatskappye (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n rekonsiliasie van dié inligting tot die drawaarde, van die groep se vernaamste geassosieerde maatskappye wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

R miljoen	Jaar geëindig			
	30 Junie 2014			31 Maart 2014
	RMI	RMBH	FirstRand	Mediclinic
Verkorte staat van omvattende inkomste				
Inkomste	10 783	–	29 878	30 495
Wins voor belasting	4 179	6 337	25 377	4 362
Belasting	(870)	(1)	(5 591)	(776)
Wins na belasting	3 309	6 336	19 786	3 586
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouders	(256)	–	(1 346)	(201)
Toeskryfbare wins vir die jaar	3 053	6 336	18 440	3 385
Wesensverdienste	2 879	6 417	18 671	3 355
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouders	235	225	646	4 537
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouders	3 288	6 561	19 086	7 922
Verkorte staat van finansiële stand				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	301	–	96 856	–
Ontasbare bates	110	–	1 047	9 210
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	877	–	7 317	49 959
Beleggings en lenings	21 521	35 532	7 879	139
Bedryfsbates	4 957	34	8 290	11 226
Totale bates	27 766	33 566	121 389	70 534
	(12 288)	(1 347)	(40 875)	(46 066)
Nie-beherende belang	(899)	–	(7 703)	(923)
Nie-bedryfslaste	(10 176)	(1 281)	(18 569)	(36 899)
Bedryfslaste	(1 213)	(66)	(14 603)	(8 244)
Netto bates	15 478	32 219	80 514	24 468
Rekonsiliasie na drawaarde				
Remgro se effektiewe belang	30.26%	27.94%	4.01%	44.30%*
Remgro se effektiewe belang in netto bates	4 684	9 002	3 226	10 839
Klandisiewaarde/winskoopprys-aanpassing	1 540	2 223	743	2
Dividende ontvang sedert geassosieerdes se verslagdatum	–	–	–	(244)
Drawaarde op 30 Junie 2014	6 224	11 225	3 969	10 597
Billike waarde van genoteerde beleggings	14 739	20 743	8 957	29 316
Dividende ontvang	(454)	(807)	(347)	(345)

* Remgro se belang in Mediclinic op 31 Maart 2014.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

7.1 Geassosieerde maatskappye (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n aanpassing daarvan tot drawaarde, van die groep se vernaamste geassosieerde maatskappye wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

R miljoen	Jaar geëindig			
	30 Junie 2013			31 Maart 2013
	RMI	RMBH	FirstRand	Mediclinic
Verkorte staat van omvattende inkomste				
Inkomste	8 646	–	24 769	24 436
Wins voor belasting	2 779	5 036	20 071	(428)
Belasting	(371)	(1)	(4 117)	(418)
Wins na belasting	2 408	5 035	15 954	(846)
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouers	(194)	–	(1 169)	(259)
Toeskryfbare wins vir die jaar	2 214	5 035	14 785	(1 105)
Wesensverdiens	2 201	5 226	15 327	(1 110)
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	243	641	1 840	4 913
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	2 457	5 676	16 625	3 808
Verkorte staat van finansiële stand				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	275	–	82 631	–
Ontasbare bates	43	–	1 169	7 279
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	498	1	7 323	40 137
Beleggings en lenings	19 891	30 348	6 249	469
Bedryfsbates	3 078	23	8 070	8 857
Totale bates	23 785	30 372	105 442	56 742
	(10 220)	(1 301)	(33 824)	(39 536)
Nie-beherende belang	(586)	–	(7 415)	(796)
Nie-bedryfslaste	(8 682)	(1 236)	(14 217)	(32 692)
Bedryfslaste	(952)	(65)	(12 192)	(6 048)
Netto bates	13 565	29 071	71 618	17 206
Rekonsiliasie na drawaarde				
Remgro se effektiewe belang	30.26%	27.94%	4.02%	44.42%
Remgro se effektiewe belang in netto bates	4 105	8 122	2 879	7 644
Klandisiewaarde/winskoopprys-aanpassing	1 540	2 224	743	2
Dividende ontvang sedert geassosieerdes se verslagdatum	–	–	–	(217)
Drawaarde op 30 Junie 2013	5 645	10 346	3 622	7 429
Billike waarde van genoteerde beleggings	11 331	15 541	6 359	24 640
Dividende ontvang	(652)	(552)	(248)	(308)

* Remgro se belang in Mediclinic op 31 Maart 2013.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

7.1 Geassosieerde maatskappye (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Inligting wat verband hou met Remgro se ander geassosieerde maatskappye is saamgevoeg soos volg:		
Drawaarde	15 676	14 409
Die groep se deel van:		
– Wins uit bedrywigheede	1 430	1 488
– Ander omvattende inkomste	(174)	288
– Totale omvattende inkomste	1 256	1 776
– Wesensverdienste	1 249	1 366
7.2 Gesamentlike ondernemings		
Ongenoteerde aandele – teen kosprys	1 817	1 212
Ekwiteitsaansuiwering	2 406	2 426
Drawaarde	4 223	3 638
Langtermynlenings	255	319
	4 478	3 957
Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar		
Drawaarde aan die begin van die jaar	3 957	3 301
Belang in netto toeskryfbare inkomste van gesamentlike ondernemings	486	364
Dividende ontvang vanaf gesamentlike ondernemings	(612)	(187)
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	159	170
Verwateringsuitwerkings	(172)	(6)
Belegging gemaak	592	286
Lenings toegestaan	33	39
Lenings terugbetaal	–	(10)
Oordragte	35	–
Drawaarde aan die einde van die jaar	4 478	3 957

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

7.2 Gesamentlike ondernemings (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n aanpassing daarvan tot die drawaarde van Distell (wat deur Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk gehou word), die groep se vernaamste gesamentlike onderneming wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Verkorte staat van omvattende inkomste		
Omset	17 740	15 726
Waardevermindering en amortisasie	256	207
Rente-inkomste	15	22
Rente-uitgawes	(233)	(261)
Wins voor belasting	2 042	1 595
Belasting	(518)	(512)
Wins na belasting	1 524	1 083
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouders	(1)	5
Toeskryfbare wins vir die jaar	1 523	1 088
Wesensverdienste	1 514	1 078
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouders	474	537
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouders	1 997	1 625
Verkorte staat van finansiële stand		
Nie-bedryfsbates	6 639	5 794
Kontant en kontantekwivalente	452	356
Ander bedryfsbates	8 769	8 070
Totale bates	15 860	14 220
Nie-beherende belang	(7 290)	(6 973)
Nie-bedryfs- finansiële laste	(32)	(31)
Nie-bedryfs- finansiële laste	(3 114)	(447)
Ander nie-bedryfslaste	(609)	(502)
Bedryfs- finansiële laste (uitgesluit handels- en ander krediteure en voorsienings)	(762)	(2 787)
Bedryfslaste	(2 773)	(3 206)
Netto bates	8 570	7 247
Rekonsiliasie na drawaarde		
Remgro se effektiewe belang	26.86%	28.90%
Remgro se effektiewe belang in netto bates	2 302	2 094
Drawaarde op 30 Junie	2 302	2 094
Inligting wat verband hou met Remgro se ander gesamentlike ondernemings is saamgevoeg soos volg:		
Drawaarde	2 176	1 863
Die groep se deel van:		
– Wins uit bedrywighede	56	49
– Ander omvattende inkomste	13	–
– Totale omvattende inkomste	69	49
– Wesensverdienste	59	50

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

7.3 Rekeningkundige tydperke

Die volgende belangrike geëkwiteerde beleggings het jaareindes wat van die groep verskil:

<i>Belegging</i>	<i>Finansiële jaareinde</i>	<i>Gerapporteerde tydperk gebruik om te ekwiteer</i>
Geassosieerde maatskappye		
Air Products South Africa	30 September	12 maande geëindig 31 Maart 2014
Business Partners	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2014
Grindrod	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2014
Mediclinic	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2014
PGSI	25 Desember	12 maande geëindig 25 Junie 2014
Sabido	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2014
SEACOM	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2014
Total South Africa	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2014
Unilever Suid-Afrika	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2014
Gesamentlike ondernemings		
CIV groep	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2014

Die rapporteringstydperk wat gebruik is om bogenoemde beleggings te ekwiteer, is gebruik omdat dit onprakties is om hul gerapporteerde syfers in ooreenstemming met die groep se rapporteringstydperk te bring. Wesentlike transaksies in die tussentydperk is aangepas.

8. BELEGGINGS – ANDER

R miljoen	30 Junie 2014			30 Junie 2013		
	<i>Genoteer</i>	<i>Ongenoteer</i>	<i>Totaal</i>	<i>Genoteer</i>	<i>Ongenoteer</i>	<i>Totaal</i>
Beleggings – ander						
Aandele	880	1 762	2 642	823	1 345	2 168
Markwaardes van genoteerde beleggings	880		880	823		823
Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings		1 762	1 762		1 345	1 345
Markwaardes en direkteurswaardasies	880	1 762	2 642	823	1 345	2 168

Rekonsiliasie van drawaarde van beleggings – ander aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Saldo's aan die begin van die jaar	2 168	1 587
Billike waarde aanpassings vir die jaar	341	(170)
Beleggings gemaak	300	730
Wisselkoersaanpassings	59	107
Vervreemdings	(143)	(86)
Oordragte en ander	(83)	–
Saldo's aan die einde van die jaar	2 642	2 168

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

9. AFTREEVOORDELE

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Staat van finansiële stand verpligtinge		
Aftreevoordele	(7)	(8)
Na-aftrede mediese voordele	(251)	(257)
	(258)	(265)
Staat van finansiële stand bates	210	184
Aftreevoordele	8	10
Omskrewedydrae-fonds werkgewersurplus	202	174
	(48)	(81)
Netto omskrewevoordeel na-aftredevpligting		
Verteenwoordig deur:		
Aftreevoordele (verwys aantekening 9.1)	1	2
Na-aftrede mediese voordele (verwys aantekening 9.2)	(251)	(257)
Omskrewedydrae-fonds werkgewersurplus	202	174
	(48)	(81)
Inkomstestaat		
Aftreevoordele*	4	3
Na-aftrede mediese voordele	27	30
Uitgawe	31	33

* Verwys na aantekening 23 op bladsy 54.

9.1 Aftreevoordele

Van die maatskappy se filiale het verskeie omskrewevoordeel- en omskrewedydrae-fondse wat onafhanklik van die finansies van die groep privaat geadministreer word. Die groep bedryf omskrewevoordeel-fondse in Suid-Afrika, beheer deur die Wet op Pensioenfondse, 1956 (soos gewysig), en in Switserland. Alle besoldigde werknemers is verplig om lidmaatskap van een van die fondse te aanvaar.

Die omskrewevoordeel-pensioenfondse word elke derde jaar vir Suid-Afrikaanse statutêre doeleindes deur onafhanklike aktuarisse volgens die metode vir geprojekteerde kredieteenhede waardeur. Die jongste aktuariële waardasies van die Suid-Afrikaanse fondse is op 30 Junie 2013 gedoen.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)

9.1 Aftreevoordele (vervolg)

R miljoen	Staat van finansiële stand				Inkomste- staat	Staat van ander om- vattende inkomste
	Billike waarde van fondsates	Huidige waarde van befondsde verpligtinge	Uitwerking van die batelimiet*	Bedrag in staat van finansiële stand erken	(Inkomste)/ uitgawe ingesluit in personeel- koste	(Inkomste)/ uitgawe
Saldo's op 1 Julie 2012 (hersaamgestel)	384	(253)	(129)	2		
Huidige dienskosse	–	(3)	–	(3)	3	–
Verstrekedienskosse	–	(3)	–	(3)	3	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	30	(17)	(10)	3	(3)	–
Verandering in die uitwerking op die batelimiet	–	–	(19)	(19)	–	19
Bydraes	1	–	–	1	–	–
Wisselkoersverskille	4	(3)	–	1	–	–
Voordeelbetalings	(35)	35	–	–	–	–
Hermetings:						
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente	34	–	–	34	–	(34)
– Aktuariële winste en verliese	–	(14)	–	(14)	–	14
Saldo's op 30 Junie 2013 (hersaamgestel)	418	(258)	(158)	2	3	(1)
Huidige dienskosse	–	(4)	–	(4)	4	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	32	(19)	(13)	–	–	–
Verandering in uitwerking op die batelimiet	–	–	(14)	(14)	–	14
Fonduitgawe	(1)	1	–	–	–	–
Bydraes	1	–	–	1	–	–
Wisselkoersverskille	3	(3)	–	–	–	–
Voordeelbetalings	(16)	16	–	–	–	–
Hermetings:						
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente	28	–	–	28	–	(28)
– Aktuariële winste en verliese	–	(12)	–	(12)	–	12
Saldo's op 30 Junie 2014	465	(279)	(185)	1	4	(2)

* Die Raad op Finansiële Dienste het die surplusverdelingskema op 6 September 2005 goedgekeur. Die huidige waarde van ekonomiese voordele word beperk tot die waarde van die surplus wat na die Werkgewer-surplusrekening toegedeel is. Die Trustees het besluit om nie enige van die huidige surplusse binne die Fonds toe te deel nie. Die groep het geen onbefondsde laste nie.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)

9.1 Aftreevoordele (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Werklike opbrengs op fondsbates	60	64
Aansuiwering vir ondervinding op befondsde verpligtinge	1	(16)
Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar eindigende 30 Junie 2015: R1 miljoen		
Aantal lede	98	102
Samestelling van fondsbates (%)		
Kontant	41.59	35.30
Ekwiteit	20.83	23.29
Effekte	3.17	6.38
Eiendom	2.70	2.26
Internasionaal	28.10	30.23
Ander	3.61	2.54
	100.00	100.00
Belangrikste aktuariële aannames op die rapporteringsdatum (%)		
Diskontokoers	1.50 – 8.60	2.00 – 8.20
Toekomstige salarisverhogings	8.50	8.30
Toekomstige pensioenverhogings	6.50	5.80
Inflasiekoers	1.10 – 6.50	1.30 – 5.80

Die sensitiwiteit van die omskrewe-voordeelverpligting ten opsigte van veranderinge in die vernaamste aannames is:

R miljoen	Impak van omskrewe-voordeelverpligting		
	Verandering in aanname	Toename in aanname	Afname in aanname
Suid-Afrikaanse verpligting			
Diskontokoers	1.0%	(23)	27
Inflasiekoers	1.0%	27	(23)
Switserland			
Diskontokoers	0.5%	(1)	1
Inflasiekoers	0.5%	1	(1)

Bogenoemde sensitiwiteitsontleding is gegrond op 'n verandering in die aanname, terwyl alle ander aannames konstant bly. In die praktyk is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur en veranderinge in sommige aannames mag gekorreleer wees.

9.2 Na-aftrede mediese voordele

Die groep bedryf 'n aantal na-aftrede mediese voordeleskemas in Suid-Afrika. Die meeste van hierdie planne is onbefonds.

Die bedrae wat in die staat van finansiële stand erken word, word soos volg bepaal:

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Huidige waarde van befondsde verpligtinge	84	72
Billike waarde van planbates	(63)	(54)
Tekort van die befondsde planne	21	18
Huidige waarde van onbefondsde verpligtinge	230	239
Verpligting ingesluit in die staat van finansiële stand	251	257

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)

9.2 Na-aftrede mediese voordele (vervolg)

R miljoen	Staat van finansiële stand			Inkomstestaat	Staat van ander omvattende inkomste
	Billike waarde van fondsbates	Huidige waarde van fonds verpligtinge	Bedrag in staat van finansiële stand erken	(Inkomste)/ uitgawe ingesluit in personeelkoste	(Inkomste)/ uitgawe
Saldo's op 1 Julie 2012 (hersaamgestel)	45	(249)	(204)		
Huidige dienskoste	–	(7)	(7)	7	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	3	(25)	(22)	22	–
Verstreke dienskoste	–	(1)	(1)	1	–
Bydraes	–	2	2	–	–
Voordeelbetalings	–	9	9	–	–
Hermetings nie ingesluit in netto rente-uitgawe					
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente-inkomste	6	6	12	–	(12)
– Wins/(verlies) van verandering in aktuariële aannames	–	(6)	(6)	–	6
Besigheid verkry	–	(40)	(40)	–	–
Saldo's op 30 Junie 2013 (hersaamgestel)	54	(311)	(257)	30	(6)
Huidige dienskoste	–	(7)	(7)	7	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	5	(25)	(20)	20	–
Voordeelbetalings	–	11	11	–	–
Hermetings					
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente-inkomste	4	–	4	–	(4)
– Wins/(verlies) van verandering in aktuariële aannames	–	10	10	–	(10)
– Wins/(verlies) met ondervinding-aanpassing	–	8	8	–	(8)
Saldo's op 30 Junie 2014	63	(314)	(251)	27	(22)

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente	1	1
Werklike opbrengs op fondsbates	9	9
Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar eindigende 30 Junie 2015: R11 miljoen.		
Aantal lede	821	832
Samestelling van fondsbates (%)		
Kontant	9.30	6.60
Ekwiteit	84.50	86.90
Effekte	6.20	6.50
	100.00	100.00

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)

9.2 Na-aftrede mediese voordele (vervolg)

	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Belangrikste aktuariële aannames op die rapporteringsdatum (%)		
Diskontokoers	8.60 – 9.70	7.90 – 9.40
Jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste	8.40 – 9.30	5.70 – 8.50

R miljoen	Impak op na-aftrede mediese verpligting		
	Verandering in aanname	Toename in aanname	Afname in aanname
Diskontokoers	0.5%	(19)	22
Gesondheidsorgkoste-inflasie	1.0%	47	(38)

Bogenoemde sensitiviteitsontleding is gegrond op 'n verandering in die aanname, terwyl alle ander aannames konstant bly. In die praktyk is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur en veranderinge in sommige aannames mag gekorreleer wees.

10. BELASTING

10.1 Uitgestelde belasting

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Uitgestelde belastingaanspreeklikheid	1 505	1 713
Eiendom, aanleg en toerusting	793	779
Voorraad en biologiese bates	290	166
Ontasbare bates	787	830
Voorsienings	(66)	(107)
Beleggings	121	14
Belastingverliese	(435)	(34)
Ander	15	65
Uitgestelde belastingbate	(14)	(4)
Eiendom, aanleg en toerusting	–	2
Belastingverliese	(2)	–
Voorsienings	(11)	(5)
Ander	(1)	(1)
Netto uitgestelde belasting	1 491	1 709
Die beweging tussen begin- en eindsaldo van uitgestelde belasting kan soos volg ontleed word:		
Begin van die jaar	1 709	710
Besighede verkry	–	956
Soos per inkomstestaat	(125)	35
Verantwoord in ander omvattende inkomste	32	8
Oordragte en ander	(125)	–
	1 491	1 709

Geen uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings nie aangesien Remgro die dividendbeleid van dié maatskappye beheer en gevolglik ook die omkeer van die tydelike verskille beheer.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

10. BELASTING (vervolg)

10.2 Belastingverliese

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Beraamde belastingverliese wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	2 127	1 183
Aangewend om uitgestelde belastingbate te skep	(1 432)	(126)
	695	1 057
10.3 Sekondêre belasting op maatskappye (SBM)		
Die SBM-krediete, wat teen toekomstige dividendbetalings voor 31 Maart 2015 aangewend kan word, bedra R1 824 miljoen (2013: R3 668 miljoen).		
Met die instelling van dividendbelasting op 1 April 2012 is die SBM-krediete nie meer 'n bate van die maatskappy nie, maar wel van die aandeelhouers en geen uitgestelde belastingbate is geskep nie.		
10.4 Belasting in inkomstestaat		
Lopend– huidige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting	172	216
– Buitelandse belasting	10	10
	182	226
Uitgestel – huidige jaar	(115)	35
– vorige jaar	(10)	–
	57	261
10.5 Rekonsiliasie van effektiewe belastingkoers van die maatskappy en sy filiale met standaardkoers (%)		
Effektiewe belastingkoers	104.1	64.0
Verlaging/(verhoging) in standaardkoers as gevolg van:		
Vrygestelde dividendinkomste	21.9	2.7
Nie-belasbare kapitaalwins	57.1	7.3
Nie-aftrekbare uitgawes/nie-belasbare inkomste	(113.9)	(33.1)
Buitelandse belasting	(9.6)	(0.1)
Belasting op buitelandse inkomste	–	(0.5)
Vorige jaar belasting	5.1	0.4
Belastingverliese aangewend	(36.7)	(12.7)
Standaardkoers	28.0	28.0

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

11. VOORRAAD

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Grondstowwe	707	602
Klaarprodukte	1 514	1 761
Onvoltooide werk	8	7
Verbruiksgoedere	179	163
	2 408	2 533
Voorraauditgawe gedurende die jaar	15 374	11 610
Vorraad gedra teen netto realiseerbare waarde	102	184

12. DEBITEURE EN KORTTERMYNLENINGS

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Handelsdebiteure (bruto)	2 810	2 575
Minus: Voorsiening vir waardedalings	(71)	(71)
